'n tydskrif vir afrika-letterkunde • a journal for african literature

Anna-Marie de Beer • Augustine H. Asaah • Babatunde Adebua • Chantelle Claire Croeser • Chris Broodryk
Elizabeth Snyman • Fania Noël • Gail Fincham • Gibson Ncube • Hannah Pardey • Hein Willemse • Innocentia Mhlambi
Jess Auerbach • Keyan G. Tomaselli • Khanya Burns-Ncamashe • Kirby van der Merwe • Kwabena Opoku-Agyemang
Louise Viljoen • Madeleine Tonleu • Mantoa Motinyane • Marius Crous • Mark Sanders • Michel De Dobbeleer
Neil van Heerden • Nonki Motahane • Olusegun Olu-Osayomi • Sizwe Mqalo • Tao Zou • Tenita Kidelo

59 (2) 2022 • Vierde reeks • Fourth series • Lente • Spring

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Tydskrif VIR LETTERKUNDE

Tydskrif VIR LETTERKUNDE

59 (2) 2022 ● Vierde reeks ● Fourth series ● Lente ● Spring

Resensieredakteur
Dr Bibi Burger
Skool vir Tale en Letterkunde
AC Jordan gebou 4.16.1
Boontste kampus
Universiteit van Kaapstad
Rondebosch 7700
Kaapstad
bibi.burger@uct.ac.za

Borg: Marie Luttig Testamentêre Trust

Review editor
Dr Bibi Burger
School of Languages and Literatures
AC Jordan Building 4.16.1
Upper Campus
University of Cape Town
Rondebosch 7700
Cape Town
bibi.burger@uct.ac.za

Sponsor: Marie Luttig Testamentêre Trust

Nota / Note
Tydskrif vir Letterkunde is vanaf uitgawe 54.1 (2017) slegs as e-joernaal beskikbaar by www.letterkunde.africa.
Vir nadere besonderhede skakel jacomien.vanniekerk@up.ac.za.
From issue 54.1 (2017) Tydskrif vir Letterkunde is only available as an e-journal at www.letterkunde.africa.
For further information email jacomien.vanniekerk@up.ac.za.

ISSN: 0041-476X
E-ESSN: 2309-9070
GW / HSB 15-16, U Pretoria, Pretoria 0002
Tel: +27-12-420 5904 Faks/Fax: +27-12-420 3949
E-pos/Email: jacomien.vanniekerk@up.ac.za
Webblad/Website: www.letterkunde.africa

INHOUDSOPGAWE / TABLE OF CONTENTS

Onderhoud

'n Onderhoud met Kirby van der Merwe oor *Eugene*

Kirby van der Merwe & Hein Willemse

Hein Willemse het op 31 Maart 2022 tydens die 26ste Klein Karoo Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn hierdie onderhoud met Kirby van der Merwe gevoer. Die kunsredakteur van *Die Burger*, Laetitia Pople, het dit aanvanklik aangevra en die berig is op 5 April 2022 onder die opskrif "Roman 'Eugene' eindproduk van 20 jaar se beplanning" op netwerk24.com gepubliseer. Dieselfde berig, met 'n aangepaste opskrif, "Machismo én matriargie belig", het op 7 April 2022 in druk in *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* verskyn. Hierdie weergawe van die onderhoud is ná die aanvanklike publikasie per e-pos-korrespondensie aangepas en aangevul, en opnuut vir vloei en duidelikheid geredigeer. Voordat die aanvanklike opname opgeneem is, het die gesprek spontaan oor die uitgeeproses en redigering gehandel. Die opname begin dus in die middel van 'n gesprek wat reeds aan die gang is.

HW: Dit klink vir my of die boek 'n bietjie anders uitgedraai het as die manuskrip?

KvdM: Ja, dit het. Struktuurgewys, aanvanklik, het ek Bertolt Brecht se vervreemdingstegniek ingespan, aangesien ek sy gedig "Van arme B. B." as motto gebruik. Die manuskrip is met dié vervreemdingstruktuur ingedien vir NB-uitgewers se 2021 Groot Afrikaanse Romanwedstryd. Dit het in dié vorm die derde plek in die kompetisie gehaal. Dié struktuur was volgens 'n eerste leserverslag egter té vervreemdend en ek en my uitgewer Nèlleke de Jager het besluit om so ver dit moontlik sou wees die struktuur lineêr te maak om lesers tegemoet te kom. Ek wil tyd spaar. Jy kry die skrywers wat die redakteurs tydsaam probeer oorreed, 'n láng tyd voor hy uiteindelik sy darlings skiet. Ek sê net, ék doen die skryfwerk. Dink julle dit werk nie? Klaar. Uit en gedaan. In dié proses is 'n paar tonele rondgeskuif en 'n paar sterk tonele is uiteindelik weggelaat. Dié stukke is nie verlore nie. Dit kan net so as kortverhale gepubliseer word. Ek glo skrywers moet hul redakteur ten volle kan vertrou en ek respekteer die uitgeeproses, laat die proses vlot verloop en spaar my eie en die redakteur se tyd. Ek sit net voet neer indien redakteurs die pad byster raak.

HW: Ek hou van die verkapping van die verhaal en dit gee die roman 'n totaal ander struktuur as wat jy dit chronologies sou vertel.

KvdM: Dit was die idee. Dié "verkapping" binne 'n raamvertelling.

HW: Noudat jy van redigering praat. Daar's plek-plek waar ek opgetel het dat daar 'n woord is wat uit die taalregister val. 'n Woord wat nie heeltemal in die ideolek van 'n karakter val nie. 'n Mens moet fyn lees om dit agter te kom, maar dit het in een of twee gevalle vir my geklink na 'n woord wat 'n subredakteur vervang het …

KvdM: Ek sou graag dié spesifieke gevalle bekyk as jy dit uitwys, want dit het nie in die finale bladproewe opgeval nie. Dalk het dit te doen met die vervreemdingselemente wat ek ingebou het, soos die afwesigheid van aanhalingstekens én [omdat] die teks dalk as outobiografies gelees word dat dit dalk die leser verwar en skrywer, buiteverteller en die karakter Eugene opklits. Byvoorbeeld, ek is deur 'n boekeredakteur in 'n Q&A [question and answer-sessie] gevra waarom ek op 'n eerstepersoonsvertelling besluit het, terwyl *Eugene* 'n buiteverteller het.

Maar jy het dalk 'n punt. Ek woon sedert 2004 in Johannesburg. As joernalis skryf ek in hoë register koerantjoernalis-Afrikaans. Om *Eugene* te skryf, moes ek weer in die Kaap kom woon en my brein herbedraad om in gemaklike omgangstaal en die verskillende Kaapse registers te skryf. Toe ek pas terug in die Kaap is, hoor

Kirby van der Merwe is 'n veelbekroonde joernalis, kunstenaar en skrywer.

Hein Willemse is professor in die letterkunde aan die Departement Afrikaans, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Pretoria, Pretoria, Suid-Afrika.
E-pos: hein.willemse@up.ac.za
https://orcid.org/0000-0002-9806-4410

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i2.14271

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

ek iemand by 'n garage sê: "Toe't ons lekke gestap en lekke ga-iet". Toe besef ek met skok 'n mens verloor die aanvoeling en die oor vir taal en plek as jy te lank weg is. Ek het verleer. Terug in die Kaap kon ek weer die dialek en taalritme hoor en dit praat om dit te kan skryf.

In *Eugene* kom karakters uit die 50's, 60's en later aan die woord. Hulle praat outentieke óú Afrikaans, soos ek dit onthou, van die tyd, die taal van my kinderjare in die werkersklas woon- en krotbuurte in die Paarl. Afrikaans voor die toepassing van die Groepsgebiedewet en die slum clearance mense uitgesif het. Tot in die laat-60's het mense van regoor die land in dié slums, krotbuurte en noodkampe saamgewoon, mense uit die uithoeke van die platteland wat gelok is na die groot dorpe en industriële gebiede. Nes inkommers van Mosambiek, Kenia, Tanzanië, Indië en in een geval 'n Franssprekende gesin uit Madagaskar. Die omgangstaal was Afrikaans met 'n skoot Engels, Xhosa, flaaitaal, en flertse Fanagalô, Swahili, Arabies, Indonesies en Hindi. En natuurlik heelwat verhewe Bybel-en-*Die Burger*-woorde. Daar was lae van taal.

So, om terug te kom by jou vraag, ek het dalk self 'n verhewe woord in 'n karakter se mond gelê.

HW: Wat vir my in Eugene uitstaan, is die tekstuur, die detailbeskrywings … Daar moes heelwat terugdink, terugwerk gewees het … Wat vir my getref het, is jou beskrywing van plekke, die ruimtes: Tiervlei, die Kaap, Johannesburg, die botaniese tuine—al daardie plekke, veral die detail daarvan staan uit. 'n Belangrike element is daai terugkyk binne die raamvertelling, waar jy teruggaan na die verlede. Die detail van onthou wat deel van die storie is. Is dit nie?

KvdM: Die detail, ja, van die eerste lesers van die manuskrip en my uitgewer is ook daardeur getref. Aanvanklik wou ek ouer familielede en sibbe uitvra oor die verlede. Ek het die idee baie gou laat vaar. Dit was tydmors. Die antwoord op die meeste vrae was: "nee, ek kan nie onthou nie". Die ouer geslag, ai, kinders is nie toegelaat om grootmense se tande te sit en tel nie en hulle het gefrons toe ek hulle begin uitvra. Toe het ek op my eie geheue staatgemaak en ek is verstom oor die byna bodemlose poel van onthou. Dit is asof ek onbewustelik sedert my kinderdae die verlede geboekstaaf het. *Eugene* is dus eie onthou.

As jy in plekke soos Paarl, Kaapstad of Athlone gaan rondstap en jy vat iemand saam wat nie die plek ken nie, dan sien hulle net wat hulle sien. As ek daar stap, byvoorbeeld in Athlone se ou sakekern, dan sien ek [dinge] beweeg, wat die persoon saam met jou, nie sien nie: mense, tye, die verlede, wat in jou brein gestoor is, wat jy nie besef is daar nie. Of as ek in die Paarl stap, in my grootworddorp, dan sien ek die *slums* van die 50's en 60's, die grondpaaie, rygoed. Nou lyk die plek anders: middelklaswoonbuurte met teerstrate. Die wêreld is anders. Ek kyk deur lae geskiedenis na dieselfde plek. Ek kan na 'n straathoek kyk en sien wat nou daar gebeur, én terselfdertyd onthou, sien, wat op dieselfde hoek gebeur het in die 80's, 70's, 60's. Selfs die goed wat gebeur het wat jy vir niemand kan vertel nie, maar dis in jou geheue.

Ek sou jongmense aanraai om gebeure en gedagtes op te teken, want niemand gaan dit vir jou onthou nie. As kind het ek hoofsaaklik toegang tot die Bybel, gesangboek en vrouetydskrifte soos *Kyk*, *See* en *Keur* gehad. Fotovervolgverhale, *Chunky Charlie* en *Ruiter in Swart*, was groot gunstelinge en ek dink dis dalk die matriks vir Eugene. Die plek-plek graphic novel-elemente daarvan. Iewers in die teks sê Eugene hy wil een dag gruwelike ghetto-stories in vintage *Penny dreadful*-formaat op goedkoop papier uitgee. Ek wou Eugene in 'n stadium in dié formaat doen. 'n Oorblyfsel van dié idee is die toneel waar Eugene se ouers met hul motor deur die relings van 'n brug bars en in die rivier beland. Dit is geskryf soos 'n toneel uit 'n graphic novel, 'n cartoon met speech bubbles en byklanke. So wou ek die 1962-Paarl-*riots* in al die *Penny dread*-likheid daarvan dokumenteer en teken.

Tog, ek moes my weerhou van té veel detail, want ek hou van 'n geslypte, gestroopte teks. Ek het net genoeg gee om Eugene se binnewêreld en pleksin te vestig.

HW: Die manuskrip het dus oor die tyd en ná die kompetisie heelwat ontwikkel …

KvdM: Ja, die roman was eintlik daar, die tekstuur van daai tyd en goed wat ek baie duidelik onthou. Daar het natuurlik karakters en storielyne bygekom om dit fiksie te maak. Die probleem is nie die tekstuur nie, maar om minder te gee, dat jy nie te veel in die detail ingaan nie. Ek het agtergekom dat ek oor al die jare sekere goed onthou, eintlik vashou.

Ek het aanvanklik 'n ander roman geskryf, maar geweet dit gaan nie werk nie. Ek het ook 'n novelle geskryf wat publiseerbaar is, maar eintlik ook maar vingeroefeninge was. Met Covid-19 het ek besluit: ek gaan daai roman en novelle absoluut ignoreer, ek gaan glad nie terug na daai tekste nie. Toe het ek die nuwe boek koud begin skryf. So die roman en die novelle wat in die laai is, bevat nie die idees wat ek aanvanklik gehad het nie. So dié boek,

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

ironies is die boek wat ek aanvanklik beplan het, twintig jaar terug. Intussen het trends gekom … as jy nie die ding onmiddellik klaar skryf nie, dan begin die boek waaraan jy skryf, al die trends en goed saam te sleep. Dit mors jou tyd en die idees verander die hele tyd. In dié geval het ek net gaan sit. Die idees wat daar is, is die idees wat daar is. Die ironie is dat dit die boek is wat ek aanvanklik beplan het, maar deur tyd en trends van vergeet het.

HW: Wanneer 'n skrywer vanuit 'n marginale omgewing, byvoorbeeld 'n breër swart omgewing, skryf en die meeste van sy lesers is middelklas wit, is daar nie die gevaar dat hy 'n exoticism of working-class-voorstelling pleeg nie? Die boek werk vir jou wit leser omdat dit exotic black life voorstel? Is daar nie daardie gevaar nie?

KvdM: Ek is intens daarvan bewus. Edward Said se *Orientalism* lê immers op my bedkassie. Tog, ek het nie met 'n wit leser of enige leser in gedagte geskryf nie. Myns insiens het elke skrywer die één boek wat hulle móét skryf. *Eugene* was myne. En dan is die skryf daarvan die belangrikste, alles anders is sekondêr, vir my altans. *Eugene* was 'n stryd met my skryf- en uithouvermoë en kophou, want vir my was die skryf van *Eugene* 'n ultra-marathon gekruis met 'n boksgeveg. So, daar was nie tyd om gepootjie te word deur konsepte en diskoerse nie. Ek het doelbewus die nostalgie van trauma en armoede gesystap. Maar as 'n skrywer uit die ghetto en krotbuurte kom, hoe systap jy dit?

Ek beskou jou byvoorbeeld as die ideale leser, wat dit die beste kan oordeel. Die reaksie op die teks gaan interessant wees, dié van mense wat die pyn, trauma, plesier van die struggle en grand apartheid beleef het én dié van wit, swart, bruin of 'n jonger geslag wat geen benul van die ghetto-lewe of die struggle het nie.

HW: Jy lees teen die agtergrond van …

KvdM: … van jou eie ervaring in. Jou ervaring word dan deel van die ervaring van die lees van die teks. Iemand soos jyself wat 'n tydgenoot van Eugene is sal sekere goed raaklees. Soos die spel tussen Coke en guava juice.

HW: O, ja … Sandile Dikeni …

KvdM: Ja, Sandile se gedig "Guava Juice" waar guava juice metafoor is vir 'n petrolbom.

HW: Ja, ek het die verwysing raakgelees. Daar is eintlik 'n hele klomp verwysings wat interessant is in daai opsig. Noudat jy daarvan praat, watter invloede is daar? Wat is die invloede wat jy na jou skryfwerk bring? Op die verskillende vlakke: visueel, skrywers, joernaliste, omgewing en konteks ensomeer.

KvdM: Heinemann se African Writers Series, Multatuli se *Max Havelaar*, die Romeense skrywer Herta Müller en beslis Salman Rushdie se werk. Ek is vandat ek onthou 'n waarnemer. Ek kom uit 'n gesin waar kinders moes werk so gou as wat jy 'n stuk gereedskap kon vashou. Van 'n graaf tot 'n hamer tot 'n troffel, wasgoed was en stryk. Agter die kospotte van kleins af. Dit was 'n anderse, harde manier van kinders grootmaak. So, ek is voorberei om 'n ambagsman te wees. Ek benader, sien, kuns en skryf, joernalistieke werk as ambag. Ek doen dit net.

HW: Wat vir my interesssant was—natuurlik is die boek fiksie—maar ek dink nie jy kan ontken dat daar outobiografiese elemente is nie, byvoorbeeld jou beskrywing van die '76-voorval op bladsy 146… Ek weet dat jy op die voorblad van The Cape Argus *was. Is dit 'n direkte verwysing?*

KvdM: Die roman is fiksie, maar daar is beslis outobiografiese elemente, persoonlike ervarings. Die genoemde tonele is my eie ervaring.

HW: Die karkasse …

KvdM: Ja, die tollies wat agter by die oop deure van 'n vleistrok uitswaai terwyl die bestuurder oor 'n stuk oop grond probeer wegkom van betogende studente wat die afleweringswa met klippe bestook. En die eerste keer toe ek as student tydens die 1976-studente-onluste onder die onlustepolisie se karwatse, knuppels en rubberkoeëls deurgeloop het.

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

HW: Dit is ook wat ek met "tekstuur" bedoel. Jy herken in 'n sekere sin die naturalistiese elemente daarvan. Dit is hoe dit gebeur het. Maar samehangend daarmee is daar wat ek 'n magies-realistiese element sou noem. Veral aan die begin, en dan iewers teen die einde word die bobbejaan as 'n soort magies-realistiese element toegevoeg. Die rede waarom ek dit magies-realisties noem, is omdat dit herinner aan die Suid-Amerikaanse skrywers wat bonatuurlike elemente as gewone, normale verskynsels in hulle tekste deurvoer. Benewens die bobbejaan-element, is daar bonatuurlike elemente soos die vertellings en geloof in tokkelossies, en die karakters wat glo dat die bonatuurlike teenwoordig is. Dis 'n magies-realistiese element wat voortspruit uit die breë bruin of swart mondelinge tradisie …

KvdM: Jy weet, die beste idees val in my kop wanneer ek in stilte ente op my fiets ry of lang ente in die berge stap. Dié idees ignoreer ek nooit. Byvoorbeeld, die bobbejaan was nooit beplan nie. Die bobbejaan het homself aangemeld en dit sou dom wees om 'n gegewe bobbejaan in die bek te kyk, as ek dit só kan stel. As ek vir iemand sou sê, terwyl ek aan die manuskrip geskryf het, daar is 'n bobbejaan in die boek, sal hulle sê, "Wat 'n ridiculous idee is dit? Dit kan nie werk nie. Magiese realisme is tog passé."

Ek sien die bobbejaan eerder as Eugene se manier om sy trauma te verwerk. 'n Hallusinasie. Eugene se kop raas ná die polisie hom met die Coke-bottel oor die kop gemoer het. Eugene assosieer 'n glas Coke-bottel as 'n instrument van pyn en vernedering teenoor die plastiekbottel guava juice-en-broodrolletjie-combo wat trooskos is. Op 'n manier wil hy sin maak van die wreedheid wat teenoor hom gepleeg is. Hy wil die uitwerking versag. Hy kan eintlik nie regtig sê wat met hom gebeur het nie.

Tog was Márquez se *One Hundred Years of Solitude* 'n merker. Ook die Nigeriese skrywers soos Amos Tutuola se *The Palm-wine Drinkard*, Chinua Achebe se *Things Fall Apart*, Ben Okri met *The Famished Road*. Selfs die Ghanees Ayi Kwei Armah se boek *The Beautyful Ones Are Not Yet Born*. Ek het doelbewus in die teks die magiese onderstroom laat opborrel.

Dié oerstories wat asof vanself uit die grond aanmeld. Vorige geslagte én die huidige geslag het, dink ek, 'n sellulêre geheue van die bobbejaan wat snags oor die huise se dakke hardloop en sy ketting agter hom aansleep, tokkelossies, slimmense en vuilgoed. Wit mense natuurlik ook, want dié onderstroom slaan deur in ouer Afrikaanse romans, memoires en gedigte.

HW: Ja, oorgeneem uit die vertellings van tradisionele inheemse gemeenskappe.

KvdM: Presies, maar ook saamgebring uit Europese tradisie en uit die Ooste saam met die slawe. Die bekendste is seker "Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil", die Boesmanvertellings wat Eugène N. Marais in sy *Dwaalstories* opgeteken het.

HW: Deel van die tekstuur van die roman, is die musikaliteit daarvan, in taalritme, maar ook as musiek. Is daar enige musikale invloede?

KvdM: My ouers het, nou dat ek daaraan dink, nie in musiek belanggestel nie. Daar was nooit plate, klassiek of andersins in die huis nie. Ek het wel die draadloos in die agtergrond, maar daar was baie agterjaartbewoners op ons erf wat van Marabi en Jive en African Jazz tot Jim Reeves gespeel en gesing het. Dit was die hoogbloei van veral Amerikaanse mannekore, soos die Soul Stirrers wat verskriklik gewild was. Daar was plaaslike soul singers. Die plaaslike rock-groep The Invaders se die 7-singles *Shockwave* en *Icecream and Suckers* is oor en oor gespeel tot die naalde stomp op die plate se groewe uitgewerk is. In die 70's was dit natuurlik LM-radio deurnag. Ek het grootgeword in die doodsnikke van die hippie-era en midde die proto-punk, punk en reggae-musiek van die 70's en 80's. As tiener het ek obsessief na Beethoven geluister tussen die mengelmoes van musiekstrome. Vanaf my twintigs was dit Richard Wagner. Deesdae luister ek weinig na musiek. In 'n kar luister ek glad nie musiek nie.

HW: Hoekom Wagner? Dit is swaar … dis nou behalwe sy politiek …

KvdM: As ek inspirasie soek en die enjin wil opfire, dan luister ek Wagner. Finish en klaar. 'n Mens sou ook Wagnerisme, soos Alex Ross dit saamvat in *Wagnerism: Art and Politics in the Shadow of Music*, kan inlees. In die hele stuk teks soos hy is, as jy na Wagner luister, is daar deurgaans klein *leitmotifs* neergelê … neergelê en uiteindelik kom hulle dan teen die einde bymekaar uit.

HW: Ek aanvaar die idee van komposisie as sodanig [het ook implikasies vir die skryfproses]. Hoe verskil hierdie skryfproses van dié van Klapperhaar slaap nie stil nie?

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

KvdM: Terloops: Daniel Hugo het tydens 'n RSG-onderhoud verklaar dat *Klapperhaar* die eerste roman in Afrikaans met rotsklim as sentrale tema is. *Klapperhaar* het 'n vrou as hoofkarakter. Dit verskil van Eugene in tema, aanslag en skrywerstem. Met *Klapperhaar* het ek op die ingewing besluit ek skryf 'n roman. Tot dan het ek gedigte publiseer en enkele kortverhale. *Klapperhaar* ondersoek institusionele geweld en mag […]. Die uitgelewerdheid van slagvarke aan slagters eggo die posisie van onmag, ondergeskiktheid en uitgelewerdheid van die karakters en die gemeenskap. Eugene daarenteen is 'n karakter met 'n eie stem, hy is hardegat, totaal contrarian en gemaklik met sy outsider-skap.

Met *Klapperhaar* het ek besef 'n skrywer se ras en herkoms bepaal hoe na die manuskrip gekyk word en hoe die redigering daarvan dit vir die mark posisioneer. Ook hoe resensente daarna kyk. Ek het destyds met *Klapperhaar* 'n resensent oor die kneukels moes raps omdat hy na my verwys het as 'n 'bruin skrywer'. Ek moes verskeie keer tydens onderhoude dit duidelik stel: Ek is 'n skrywer, nie 'n bruin skrywer nie.

Destyds is verwag, dink ek, dat die mark net gereed is vir 'n eksotiese ware lewensdrama outobiografie sodat wit lesers hulle kan verkneukel in die skreiende armoede en absurde disfunksionele ander; die bendes. Met *Klapperhaar* het ek dié idee opgestuur met 'n teks vol literêre verwysings en 'n tong-uitsteek na gekanoniseerde Afrikaanse skrywers en Afrikaanse roman- en radiovervolgverhaal-tropes. Ironies genoeg het ek met *Eugene* moedswillig juis 'n gangster-boek geskryf.

HW: Dis nie 'n boek wat op skool voorgeskryf gaan word nie. Daarvoor is die taal té rof, té robuus.

KvdM: Ek dink dit moet juis voorgeskryf word. Dit is 'n onbevange teks wat kaalkop die ware houding, attitude van die tyd, skrywer en die karakters weergee. In die taal soos dit gepraat is sonder om myself te sensor. En jy sal nie aan dié taal kan peuter nie …

HW: Nee, jy sal nie … want die taal is wesenlik aan hierdie boek, né.

KvdM: Inderdaad. Daarom is dit té robuus om op radio gelees word.

HW: Nee, dit sal nie op RSG voorgelees word nie. Die arme tannies sal hulle heeltemal beskyt, as ek dit so kan stel. Dit is interessant wat jy sê van Klapperhaar *teenoor hierdie boek—dat dit geskryf is sonder inagname van uitgewers óf lesers óf wie wat ook al daarvan sal dink.*

KvdM: Ek het geweet ek moet hardegat wees en hardegat skryf. Ek sien té veel tekste waar mooiskryf die lees van daardie boeke 'n verskriklik stryd [maak]. Toe ek jonger was, kon ek 'n boek lees, weggevoer word, sit en skud van die lag. Ek weet nie wanneer laas ek weer so totaal weggevoer is nie. So, ek het eintlik 'n boek geskryf wat ek sou geniet om te lees as jong leser. 'n Boek wat my vermaak, skok, en my op reis vat deur 'n onbekende wêreld.

HW: Dit is juis wat die boek maak …

KvdM: Ja, plek-plek rof en onbeskof, maar met 'n sterk verhaallyn en onvergeetlike karakters wat ek dink lesers lank gaan bybly.

HW: 'n Kerndeel van die boek is die taal en taalgebruik.

KvdM: Ek kon eintlik meer flaaitaal gebruik het. Mense dink flaaitaal is net in Soweto en Sophiatown gepraat. Tot ek een dag Louis Molamu se *Tsotsi-taal: A Dictionary of the Language of Sophiatown* onder oë gekry. Ek het vir *Huisgenoot* 'n onderhoud met hom gevoer en besef daar is weinig in sy boek wat vir my vreemd is of wat ek nie verstaan nie. Dit is presies dieselfde flaaitaal wat ek as jong kind geleer het vóór die skeiding van mense deur die Groepsgebiedewet.

HW: Jy weet, een van die strategieë met dialekvorme is dat dit vervreemdend inwerk. Dit is 'n strategie van vervreemding, sodat jy as leser onmiddellik sê, "Ek moet na die taal kyk. Ek moet kyk na hoe die taal gebruik word as deel van die storie." Dit is wat in hierdie geval natuurlik gebeur. Die oomblik wanneer jy daardie kwaliteit en aard van taal het, dan sê dit vir jou, "Kyk na die taal. Kyk wat daar gebeur."

KvdM: Absoluut.

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

HW: Toe ek jou vertaling van die Bertolt Brecht-gedig lees, het ek besef dat 'n kernfaset van die roman is dat hierdie 'n manneboek is. Dis 'n manneroman. Hoekom?

KvdM: Ja, ja, daai "gentlemen" wat met hulle voete op sy tafel sit. Ek weet nie. Ek dink die goed kom so half uit die [onderbewuste]. Sekere boeke bestaan mos. Hy moet net ge-channel word, amper. As ek die boek moet oorskryf, sal ek dit nie kan doen nie. Dit is amper onmoontlik, dink ek. Hy bestaan soos hy is en jy kan amper nie aan hom verander nie.

"Van arme B. B." is, soos jy seker weet, die slotgedig van Brecht se *Hauspostille*, sy eerste digbundel. Mens sal dit seker vertaal as "huispreke" of as "'n handleiding vir huisgodsdiens", 'n bundel preke of vertellings wat bedoel is om te stig—die morele pas aan te gee vir gebruik in gesinsverband. Soos dié van Martin Luther in die 16de eeu, wat die skrywer daarvan bekendstel en veral sy deugdelikheid beklemtoon. Eugene, en ek as skrywer, tree in gesprek daarmee, maar, in lyn met Eugene se aard, word dit opgestuur, geparodieer.

Maar dit is 'n ander soort "gentlemen" as wat Brecht in gedagte gehad het. Hier is 'n destydse ghetto-gentlemen: Die uncles, ooms en ouer nefies wat ek geken het. Die ghetto se machismo. Die grootmanne en diknekke wat ek as kind geken het. Dít is die manne wat daar beskryf word, wat in hulle jongdae gehang het aan die busse en trems se agterligte soos in Distrik Ses byvoorbeeld. Die manne wie se skoensole vol metaal studs was en wat snags die teer skop dat die vonke spat en slaggereed was met 'n *Three Star* weekend-special Okapi [mes]. Die manne wat 'n tyre lever en crowbar gryp en dit die praatwerk laat doen. Daai manne is almal daar, hulle praat saam. Die pa's is nooit so nie. Dit is altyd die uncle. Hy kom van die werk af Vrydag, maar hy loop nooit met 'n bottel wyn nie. Hy stap baie steady en sy bottel is netjies toe. Hy is nie 'n geletterde man nie—hy loop met 'n briefcase, maar jy weet die bottel is daarin. Die gentleman-skollie teenoor die gewone skurk en straatskollie. In Eugene se woorde: "Netjies gecollar en getie, maar hy skop jou gou in jou poes."

HW: Wat gebeur dan met die vrouekarakters?

KvdM: Die vrouekarakters is bleddie sterk in die boek. Ek sê altyd vir mense: ek kom uit 'n wêreld wat eintlik 'n matriargie is. Mense dink dis 'n manswêreld. Die vrouens beheer dit. Die man gaan werk. Hy kan nie by die huis sit nie, hy moet gaan werk. Dan bring hy sy pay-pakkie op Vrydag. Dan vat sy vrou dit. Dit moet toe wees. Dan maak sy dit oop. Dan gee sy vir hom sakgeld. Sy hou die geld.

HW: Nee, dit is so.

KvdM: Hy sal niks sê nie. Ek glo dis 'n ding wat uit die Ooste uit oorgekom het, daar uit Indonesië. Sekere gemeenskappe op Java, Sumatra en Flores is matrilinieêr, vroue is gelyk aan mans. Die vroue beheer die sake. In dié geval, as jy na al die vrouekarakters kyk, dan sien jy hoe sterk hulle eintlik is. Vroue is in beheer van sake en huishoudings soos vroue in die Kaap altyd was. Hulle was dikwels aan die spits van sake, selfs in die struggle.

HW: Die element van verraad is 'n tematiese element. Wat is dit rondom verset en verraad wat jou getrek het?

KvdM: Verraad is 'n universele tema. Die noodlot, byvoorbeeld, het my 'n streep getrek deur my in 'n huis sonder boeke te plant. Dit was 'n soort verraad. Pa is sub B uit die skool en Ma is st. 5 uit om te gaan werk. Ek sê dit met binnepret en humor, maar ek sou kon doen met ryk boekgeleerde ouers. Eugene besef van jongs af dat hy niemand kan vertrou of staatmaak nie. Hy word dan self soos die spreker in "Van arme B. B.": "Hier het julle iemand op wie julle nié kan vertrou nie." Dit word 'n leitmotif van verraad.

Een van die temas in *Eugene* is verraad tussen boesemvriende en oud-politieke aktiviste. Nou, al het ek in 'n revolusionêre dampkring en die struggle grootgeword het en vriende gehad wat later as aktiviste landuit is, én al was ek as student en later by die meeste massavergaderings, studente sit-ins—behalwe begrafnisse in Crossroads omdat ek nie eie vervoer gehad het nie—was ek nooit by enige politieke sel of organisasie betrokke nie. En ek gaan myself nie nou betrokke skryf nie.

HW: Jy was nie 'n voorbok nie.

KvdM: Ek was 'n doodgewone tiener en jong volwassene wat polities aware was en totaal ingekoop het in die idees van die Black Consciousness Movement. Ek was by mass meetings, massaoptogte, by reggae- en jazz festivals … eintlik vir die plesier en die girls as enige politieke drif. Maar ek moet eintlik self na die teks kyk om te sien wat

nog daaruit kom. Hoekom is daar 'n beheptheid met verraad? Ek kan nie vir jou volle antwoorde deurgee nie. Dit is vir my nodig om dit te gaan soek.

HW: Ek dink dit is 'n onopgeloste kwessie in die roman. Die Eugene-karakter is 'n baie komplekse karakter. Daar is die dubbelslagtigheid van 'n plattelandse kind met 'n urban cowboy-teenwoordigheid. Iemand wat in 'n wêreld beland waar hy heeltemal onseker is, byvoorbeeld sy trip Johannesburg toe en dan onmiddellik weer terugkeer. Totale onsekerheid. Die moontlikheid van verraad, die moontlikheid van verset. Uiteindelik is daar nooit werklike verset nie. Dit is 'n poging tót verset … maar dan hierdie verraad wat verraad is weens iets wat nie gebeur het nie. Wat waarskynlik glad nie gebeur het nie.

KvdM: Ek het gepraat met mense, mense wat sê hulle was in die struggle, mense wat buite die landsgrense was, maar niemand vertrou mekaar nie. Niemand. As joernalis het ek gepraat met mense wat in die parlement is of met mense wat in die struggle was. Hulle vertrou jou glad nie. Hoekom vra jy? Wat wil jy weet? Wat is jou bona fides? Daai goed is altyd daar en niemand vertrou op die ou end mekaar nie. Dis vir my baie moeilik om met mense van 'n sekere tyd te praat, want niemand vertrou mekaar nie. Dis die vreemdste ding.

Ek is getref deur die onderlinge wantroue tussen voormalige comrades, aktiviste wat met die Special Branch en spesmagte te doen gekry het. Daar was immers byna altyd 'n impimpi en polisiespioen in eie geledere. Daar is altyd 'n scape goat, uitverkoper, het ek agtergekom wanneer ek na oud-aktiviste luister. Die ouers van aktiviste en soldate wat slagoffers was, soek antwoorde, soek scape goats. En dikwels is die ou wat verantwoordelik gehou, uitgerangeer en verdoem word, dalk heeltemal onskuldig.

In 2001 het Winnie Mandela 'n onderhoud aan my toegestaan. Maar ek moes deur die een firewall na die ander voordat ons oorkant mekaar gesit het. En sy het met haar body guards vir die onderhoud opgedaag. Soveel jaar ná die ontbanning van die ANC het sy nie vigilance en protocol verslap nie.

Ek sê altyd, spottenderwys, ek het die perfekte geaardheid en persona vir 'n spioen en terroris. Iemand wat onopgemerk, onder die radar, in groepe beweeg en waarneem. Ek is die soort mens met wie ek oorlog toe sal gaan: Iemand wat doekvoet beweeg, fiks én stoïsyns, uiters plofbaar wanneer dit nodig is en game. Soos die ouroekers sou sê: 'n Ou met 'n varkhart, in teenstelling met iemand met 'n leeuhart. Die karakter Eugene is nie ek nie, alhoewel ek outobiografiese gebeure en ervarings fiksionaliseer. Eugene het geen ooghare vir helde nie. Hy dismiss byvoorbeeld in die begin van die boek die rugbyheld Joost van der Westhuizen se heldebegrafnisdiens. Hy verkeer onder geen illusie dat helde voete van klei het nie en, wanneer die ding dik kom, jou sonder skroom onder die bus sal gooi nie. Een van die deurslaggewende stukke, vir my, wat die uitgewers uitgesny het, skets 'n kinderervaring waar ek Eugene se sinisme ten opsigte van helde weergee.[1]

Dan is daar die telefoongesprek wat ek gehad het met iemand wat destyds 'n medestudent op Hewat was, kort voor ek *Eugene* begin skryf het. Byna vier dekades ná 1976, beweer hy hy was 'n voorbok in die struggle en studentepolitiek. En hy stuur vir my 'n foto na my selfoon ter stawing. Op dié koerantfoto staan hy skuins agter die studenteleier Anwar Ismael van Worcester, ingeprop in die massa studente tydens 'n optog. Sy verskyning naby Anwar is nou die bewys van sy noue bande met studenteleiers en sy betrokkenheid by die struggle. Ek was daar en dit is nuus vir my. Ek verskyn self op 'n klomp koerantfoto's van dié tyd. Dit kan maklik op microfiche bevestig word, waar ek as bloedjong student met 'n plakkaat en 'n gebalde vuis verskyn. Al het ek die studenteleiers geken. Ek en Anwar was Boland-fietsrenjaers, en ons groep uit die Paarl het elke tweede Saterdag by hulle aan huis gekuier. Ek kan dit nie as bewys gebruik van my aktivisme nie.

Dit het my aan die dink gesit, hoe die verlede en betrokkenheid geplooi, gelieg, verdoesel en ontken kan word vir watter doel ook al. Die motto van *Eugene* is juis doelbewus gekies as die sleutel tot Eugene, die karakter. Alhoewel Eugene die apartheidsfigure Eugene Terre'Blanche en Eugene de Kock oproep, selfs die skrywer Eugène Marais wat met bobbejane assosieer word, verwys die naam eintlik na Bertolt Brecht. Brecht se doopnaam is immers Eugen. Brecht self was 'n kommunis en sy werk en dramas was in diens daarvan. Agitprop.

Eugene is dus omgekeerde agitprop, as ek dit so kan stel. Agitprop sonder dat die leser oor die kop gemoker word daarmee. Ek volg die moeiliker roete: Woede verbloem agter 'n stiff upper lip en unruffled houding. Eugene is stoïsyns, die volmaakte terroris en spioen wat niemand van 'n sinistere agtergrond of aksies sou verdink nie.

Eugene ís 'n struggle-boek. 'n Leser, oud-politieke joernalis en Afrika-kenner, sê die boek is verkeerd gepitch. Dit bewys hoe die uitgewery sekere skrywers se werk vir die mark pitch.

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

HW: Ons moet afsluit. Ons het sommer met die deur in die onderhoud in geval. Gewoonlik moet jy darem aan die begin iets sê oor jou agtergrond …

KvdM: Ek is 'n boorling van die Paarl, was op Laerskool Ebeneser en matrikuleer aan Hoërskool Noorder-Paarl. Op 18 my eerste solo-uitstalling van tekeninge gehou en alles verkoop gekry. Ek was van toe af bevriend met die kunstenaar Peter Clarke tot sy dood en deel van die groep struggle-artists van die 70's en 80's. Ek het deelgeneem aan groepsuitstallings soos die Second Carnegie Inquiry into Poverty exhibition, 1984 en die End Conscription Campaign exhibition wat deur die polisie gestop is. Een van my tekeninge was 'n wenner van die uitstalling en kunskompetisie wat by UWK gehou is. Dis deur die Universiteit aangekoop. Wat daarvan geword het, weet ek nie. Toe word ek taal-en kunsonderwyser totdat ek in 1996 die onderwys verlaat het om *Klapperhaar* te skryf.

HW: Kollege. Wat was die invloede? Daar was mense soos Richard Rive toe jy op kollege was.

KvdM: Ten spyte van sy arrogante narsistiese self, was Rive 'n groot invloed. Hy was sonder twyfel die beste onderwyser, dosent wat ooit my pad gekruis het. Ek was sku vir klasse, so nou en dan gesig gewys, want die lewe buite was baie interessanter. Ek was meer gereeld in die Kismet bioscope in Athlone en in pubs al het ek tot vandag toe nooit alkohol gedrink nie. Rive het gedink dié onverantwoordelikheid was baie snaaks. Ek het hom beïndruk met 'n kortverhaal wat ek geskryf het, wat hy afgemaak het as average, natuurlik, maar in die personeelkamer, hoor ek, vertel hy van die wonderlike talent. Hy het my ingespan om te help met die transkribering van Olive Schreiner se handgeskrewe briewe vir sy boek oor *Olive Schreiner: Letters 1871–1899*. Ek het toegang tot sy boekery gekry en swart Amerikaanse- en Karibiese skrywers en digters ontdek, van Langston Hughes tot Aimé Cesaire. En hy het my voorgestel aan skrywers soos Jan Rabie, Uys Krige, Elsa Joubert en haar man [Klaas Steytler], Jack Cope, Guy Butler en ander.

HW: Jou ouers …

KvdM: Eugene se ouers is losweg op my eie ouers gebaseer. Hulle het egter nie soos Eugene se ouers in 'n motorongeluk gesterf nie. Hulle was wat vandag as entrepreneurs bekend staan. Destyds was hulle net mense wat met enige ding sou handel dryf soos Eugene se ouers. Hulle het hulle hande stomp gewerk, soos hulle sê. My ouers se leuse was: Niemand het nog ooit van werk doodgegaan nie. En vandat ek 'n kind was, moes jy werk, want wie nie werk nie, kry nie kos nie.

HW: Die entrepreneur is nogal 'n interessante element in die roman. Aan die een kant is daar hierdie kanalla-ding van die ma wat die vrou met haar kinders wat buite sit, inbring. Dan aan die ander kant hierdie ding van make do—kry die trok, doen hierdie ding, sorg dat ek my petrol of wat ook al kry, en bou dan 'n besigheid. Daardie soort van make do-element.

KvdM: Hulle moes net. Die apartheidswetgewing het ontelbare struikelblokke in plek gestel om mense soos hulle tot die werkersklas te beperk. Maar hulle het geveg om hulle "eie baas" te wees.

HW: Die prikkels vir die karakter Eugene? Wat het die karakter ge-trigger?

KvdM: Ek wou aanvanklik, soos by *Klapperhaar*, 'n vroulike hoofkarakter hê. Toe kom die Covid 19-inperking. Ek het gaan sit en die roman koud begin skryf. 'n Medestudent se sogenaamde politieke betrokkenheid was die prikkel om 'n manlike antiheld te skryf, en die groot dryfveer was NB-Uitgewers se Groot Afrikaanse Romanwedstryd. Die sluitingsdatum vir inskrywings was 31 Augustus, vyf maande vanaf inperking. Die manuskrip wat vir die romankompetisie ingestuur is, was so goed as wat ek dit in die beperkte tyd, vyf maande, kon skryf. Ek het gedink ek het genoeg geskryf om die beoordelaars te betower. Die belangrike newekarakter Bella is nie in die oorspronklike manuskrip nie. Sonder Bella sou die finale teks byna fataal verskraal wees.

HW: Dankie, Kirby. Ek het die roman baie geniet. Ek het gedink dit is 'n interessante boek. En ek dink dit staan uit wat die tekstuur betref. Dit maak nie verskoning dat hy daar is nie. Die karakter met al sy problematiek en psigiese struggle kom inderdaad sterk deur. Dan is daar die element van 'n wêreld wat aan die een kant verdwyn, maar andersins ook aanwesig bly.

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

Aantekening

1. Die gedeelte wat uit finale teks gesny is: “Eugene is as seuntjie van heldeverering genees. In 1967 gaan woon hy vir die jaar by sy ma se tante op ’n plaasdorpie. Die tannie dink hy moet wegkom van slegte invloede in die ghetto. Daar stap hy elke dag na die skooltjie in die middedorp saam met ’n groep kinders van plase aan die buitewyke van die dorp. Hulle kom soggens langs die teerpad bymekaar en stap in ’n groep in dorp toe. Na die laerskool. En smiddae stap hulle as ’n groep terug. Die teerpad loop teen ’n lae helling op dorp toe. In die somer op pad huis toe swem die groter seuns kaalgat in die vlak poel in die spruitjie wat onder die teerpad deur loop. Daarna loop en rumoer die atlete, die rugbyspelers, grootbekke en kaartmanne in die middel van die teerpad verder. Waterslange en paddas hou in die poel onder die lae brug. Afskuwelike goed. Die slange vreet die paddas. In Februarie, die warmste tyd van die jaar, droog die spruit op en soos die water verdwyn, dwing dit slange en paddas nader aan mekaar tot hulle in ’n bondel saam in die modder wriemel. Soggens ry drie boertjies, twee broers en hulle suster met hulle trapfietse op die teerpad van hulle plaas af by Eugene-hulle verby na die hoërskool in die dorp. Vreemde wesens op fietse. Die seuns in skoolbaadjie, withemp en skooldas, styfspannende grys kortbroek, kniehoë kouse en bruin skoene. Smiddae as Eugene-hulle ná skool rugby oefen en later as gewoonlik huis toe stap, steek die boertjies hulle van agter verby. Die broers kom vinnig teen die skuinste afgery met hulle baadjiepunte al flappende in die wind. Hulle suster weer, trap met lang stadige hale. Sy’s lank en lomp soos ’n reier. En soos sy haar fiets trap, wys die bleekste melkwit bene. Dan koggel en skree die ouer seuns: Reier, reier! Die boertjies ignoreer die plaaskinders wat jil en koggel en skater. Die suster ry met ’n strak gesig verby. Een van die ouer meisiekinders sê: Daai boertjies gaan julle opdonner. Aag, ek bang’ie ’n boer nie, sê Eugene se held, ’n mannetjie in standard vyf, maar groot vir sy jare—hy’s die skool se atletiekheld, rugbyheld skopkoning. Hy swem die vinnigste, speel kitaar en hy vang slange en padda met sy kaalhande onder die bruggie. Eugene is trots op sy held en sy side-kicks wat die durf het om die uitgegroeide boertjies te tart en hulle suster te koggel. Tot een middag. Die kaartmanne loop en raas in die middel van die pad. Die Boertjies kom verby gejaag en hulle suster sweef verby. Later, toe Eugene se helde nog kordaat kaal onder die bruggie staan en pronk, kom die twee boertjies teen die rivierwal af, elkeen met ’n knuppel in die hand, een van die eenkant van die brug, een van die ander kant af en sonder ’n woord begin hulle inlê met die knuppels. Eugene se helde koes en keer en probeer wegkom. Maar die boertjies het hulle aanval dae, miskien maande, beplan. En bo op die pad wag hulle pa met ’n sweep. En soos sy helde kaalgat onder die brug uitpeul, loop hulle hulle in die sweep vas. Kom hier julle hotnots, skree die boer. Eugene se helde hardloop straataf, kaalgat met lywe vol knuppel- en karwatsmerke oor hulle lywe, sonder dat hulle een hou ingekry het. So val die helde.”

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

Essay

Journals editing, editor recognition, and impacting disciplines

Keyan G. Tomaselli

"Why edit (a journal)?" When asked this question, some have responded thus: "To get promoted". This anecdote underpinned a panel discussion at the 2021 National Scholarly Editors' Forum (NSEF) on "Whether research (and editing) should be fun". Organised under the auspices of the Academy of Science of South Africa (ASSAf), this annual meeting involves editors from all 320+ journals registered in South Africa, though thanks to electrical loadshedding and other considerations, less than 100 could participate at any one time. The panel was organised and chaired by Phillip de Jager of the Department of Finance and Tax, University of Cape Town. He is associate editor of *Meditari Accountancy Research*, the *Journal of Accounting in Emerging Economies*, and the *South African Journal of Accounting Research.* This is a discipline where its professors tend to show greater allegiance to the profession than to the university, with attendant implications for (lack) of research and publication (Venter and de Villiers 1246).

The editor of the Australian *Continuum: Journal of Media and Cultural Studies* wrote in a special issue dedicated to its two recently deceased founders that she was advised not to expend her energy editing a journal, as she is "sacrificing" her own time "to support others" (Allmark 330).

In light of uncollegial Key Performance Indicator (KPI) crassness, de Jager hoped that the NSEF panel would generate discussion on academic citizenship. That is, why editing should be valued and encouraged by both academics and professionals in contributing to the greater goals of the common good. But as Herman Wasserman, editor-in-chief of *African Journalism Studies*, observes: publishing is a passion and even a "form of activism to a contemporary environment where the enterprise has become much more pragmatic and 'professionalised'". In today's publishing environment, he continues, "there is such a proliferation of journals that sometimes their individual identities, histories and characteristics become obscured or flattened out". He concludes that "Archival work is an important resistance against this flattening" (Wasserman and Tomaselli).

In South Africa alone the proliferation of journals in disciplines like law, management, education, and religion to mitigate overcrowding page allocation is a notable feature of an overtraded environment (ASSAf, "Twelve Years Later: Second ASSAf Report on Research Publishing in and from South Africa"), not to mention alarming tendencies towards textual recycling and plagiarism (Thomas 1). The shift to supply open access publishing (in contrast to demand-led publishing where journals themselves take the risk and absorb the costs) is a feature of the current publishing environment where the author pays (from funders, via institutions, and from DHEF incentives). This inversion might see a rebalancing with less overcrowding across bona fide publishers.

My own colleagues sometimes ask why I edit the self-funded *Critical Arts: North-South Cultural and Media Studies*, particularly since my own Department of Higher Education and Training (DHET) publication incentives have largely sustained the journal's administrative office for decades, along with some support from the universities in which the journal has been housed, thereby subsidising the authors published in its pages.[1] Some authors, however, still complain about being invoiced for even minimal page charges which they can access from their own, or their institution's, research funds.

The early radical *Critical Arts* arose from a particular moment before the DHET system was instituted. The well-designed popular culture literary magazines *Speak* (1977–1979) and *Staffrider* (1978–1993) coincided with the *Critical Arts* planning stage in 1979 (see South African History Online).[2] *Critical Arts* was offered the defunct *Speak*'s subscription list by its outgoing editor, Eve Bertelesen. To my astonishment, most of *Speak*'s subscribers

Keyan G. Tomaselli is distinguished professor in the dean's office of the Faculty of Humanities, University of Johannesburg, Johannesburg, South Africa. He is the editor of the journal *Critical Arts.*
Email: keyant@uj.ac.za
https://orcid.org/0000-0002-2995-0726

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i2.12820

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

enthusiastically renewed prior to the first number of *Critical Arts* actually appearing, indicating loyalty to an epistemological cause. *Critical Arts*' pedestrianly-designed first 1980 number, produced on a golf ball typewriter and printed in A5 reduced stapled format, attracted immediate global attention. This impact was primarily thanks to the influence of the inherited *Speak* readers and *Critical Arts*' promotion by the subversive De Jong's Bookshop opposite Wits University, the Market Theatre Bookshop in Johannesburg, Open Books in Cape Town, the international subscription agencies, and the nascent indexing facilities. Crucially, the exhausting foot stepping work done by individual board members such as Susan Gardner, Trish Gibbon, and Ian Steadman in particular in promoting the journal on their respective campuses and at conferences underpinned *Critical Arts*' exposure and reach through global disciplinary networks. The backing of then co-editor John van Zyl, one of the founders of the Wits School of Dramatic Art where I then worked, had cemented the publication's stability and potential reputation within the academic enterprise.

The second number attracted articles by André Brink, Nadine Gordimer, and J. M. Coetzee. One could not have asked for a more propitious launch. In due course, Njabulo Ndebele, Stephen Gray, Nick Visser, David Maughan Brown, Tim Cousins, Peter Horn, Eve Bertelsen, Joe Muller, and internationally, Ntongela Masilela and Stuart Hall, amongst others, joined the early editions as guest editors, authors, and/or editorial board members.

The experience for me as a then unknown novice editor was exhilarating, as our editorial board and authors shared a foolhardy desire to change the world, or at least, South Africa.[3] They enabled 'group formation', a form of association through which members conferred externalities on each other. Such a group experience is implicitly described by Hein Willemse in discussing the phases and political and administrative challenges through which *Tydskrif vir Letterkunde* has travelled (5–8). Such self-reflection and critique are perhaps all too rare in academic publishing.

If a journal is a self-constituted group, endeavouring to create new knowledge, then it operates like a club. As a knowledge club, this model balances the positive externalities of a shared resource (readers, citations, referees) against the negative externalities of crowding (decreased prospect of publishing in that journal) (Potts *et al*. 75), which has indeed come to pass in today's publication-obsessed world, and which has seen the alarming rise of predatory journals offering immediate publication—for a price (both financial and reputational).

Die wisselwerking tussen hierdie twee beginsels vorm die grondslag van die tragedie, maar in sy toepassing daarvan op die Duitse kultuur kom Nietzsche tot die gevolgtrekking dat die Apolliniese rasionaliteit te oordrewe is. In Camille Paglia se interpretasie van die verhouding tussen Apollo en Dionisos in die letterkunde som sy die verskil tussen die twee op as sou Apollo ons waarsku om te stop—bedoelende om versigtig te wees vir 'n situasie—terwyl Dionisos ons aanmoedig om voort te gaan. Vir Paglia (*Sexual Personae* 96) simboliseer Apollo, "the hard, cold separatism of western personality", teenoor Dionisos met sy voorkeur aan energie, ekstase, histerie en promiskuïteit. Apollo is ook, volgens haar, die een wat die grenslyne trek, en dien as verpersoonliking van "convention, constraint, oppression". In teenstelling hiermee word verklaar: "Dionysus leads barbarian hordes of marauders [...] Dionysus the invader is plague, fire, and flood, the titan of nature unbound" (102). Pappas (43) meen dat dit moeilik is om Nietzsche se konsep van Apollo te konstrueer, aangesien die leser van *The Birth of Tragedy* moet staat maak op slegs enkele verwysings. Hy meen dat Apollo grootliks beskou kan word as 'n "barrier or obstacle" (47)—tussen individue, maar ook tussen individue en die soeke na waarheid—omdat hy as die sogenaamde "soothsaying god"(*Birth of Tragedy* 1) beskou word. Apollo staan dus in die pad van die waarheid en, wanneer dit by die kunste kom, is Apollo 'n dromer en in sy nabootsing van die werklikheid is daar 'n droomelement. Hy is, volgens Pappas (43), die teenvoeter van Dionisiese energie en chaos.

Een van die interessantste toepassings van Nietzsche se Apollo-versus-Dionisos-digotomie is dié van Haueis (260). Hy koppel dié digotomie aan Foucault se idees rondom seksualiteit en bestempel Apollo as die s*cientia sexualis* en Dionisos as *ars erotica*. In aansluiting hierby assosieer Nietzsche die Apolliniese wêreld met beelde en drome en Apollo self word die groot droomontleder genoem (*Birth of Tragedy* 10): "So the artistically sensitive [*erregbar*] man responds to the reality of the dream in the same way as the philosopher responds to the reality of existence; he plays close attention and derives pleasures from it: for out of these pictures he interprets life for himself; in these events he trains himself for life." Soos Haueis (262) aandui, bevind ons ons tans in 'n wêreld wat groot belangstelling toon in droominterpretasie, die onderbewuste en in psigoanalise—laasgenoemde veral vanweë Sigmund Freud, die Oostenrykse neuroloog, se invloedryke *Traumdeutung* (*The Interpretation of Dreams*, 1899). Nietzsche se groot dromer, Apollo, is ook die heerser oor die geestesdimensie wat die innerlike fantasiewêreld genoem word (*Birth of Tragedy* 1), en hierdie fantasiewêreld word oorheers deur droombeelde: "Dreaming is thus a particularly appropriate analogy for the Apollinian in that it involves both the production of and absorption in images" (Freeman 7).

Plesier is 'n verset teen die Apolliniese *principium individuationis* (*Birth of Tragedy* 26) en word volgens Foucault (aangehaal deur Haueis 265) gekenmerk deur die volgende: "I think the kind of pleasure I would consider as the real pleasure would be so deep, so intense, so overwhelming that I couldn't survive it. I would die." Eerder as om te assosieer met die wetenskaplike Apolliniese word die erotiese Dionisiese verkies deur onder meer rocksterre. Dit verklaar hoekom Nietzsche ontevrede was met Wagner se ontkenning van sy eie "dekadensie".

Harmonie versus hipnotiese ekstase

Asbo (3) verduidelik die verskil tussen die twee tipes musiek wat aan die onderskeie Nietzschiaanse beginsels gekoppel word soos volg:

> The music for Apollo was formally ordered, harmonically predictable, rhythmically regular, of moderate tempo and dynamic range, and elevated the values of simplicity and uniformity. It was elegant and graceful, in a "sunny" major mode played on stringed instruments: lyre and kithara. Dionysus, in contrast, had music that was rhythmically irregular and unpredictable, in a minor key mode, in tempos that were very fast or very slow, evoking either a Bacchanalian frenzy or a hypnotic and mystical trance. Dionysus' music was played on percussion (drums, tambourines) and woodwinds (aulos) and celebrated complexity in melody and harmony.

Vir Nietzsche (*Birth of Tragedy* 32) word die Dionisiese aanhanger aangehits tot "the highest exaltation of all his symbolic faculties; something never before experienced". In aansluiting hierby meen Stern (44) dat vir Nietzsche intuïsie en ekstase die enigste outentieke modusse van artistieke skepping is. Die onderdrukking van kreatiewe ekstase is byvoorbeeld aangevoer as een van die hoofredes vir die kwynende gehalte van die klassieke tragedie.

In aantekeninge wat Nietzsche (*Birth of Tragedy* 195) gemaak het ná die verskyning van *The Birth of Tragedy*, spreek hy die versugting uit dat hy nooit hoop gaan verloor dat daar 'n Dionisiese toekoms vir musiek bestaan nie. Die vervulling van hierdie hoop sou ook noodwendig lei tot 'n herlewing in die tragedie en tot 'n sensasionele verheerliking van dissonansie (*Birth of Tragedy* 24). Die onderdompeling in die gees van die Dionisiese impliseer vir Nietzsche 'n oorname van die mite as simboliese taal en 'n uiting in onder meer geheime rituele en dramafeeste ter ere van die god Dionisos.

Aangesien die katarsis 'n kernaspek van die Griekse tragedie is, sou gevra kon word in watter mate Nietzsche die wisselwerking tussen hierdie twee beginsels in verband bring met die element van katarsis. Katarsis, so ver dit die oorgee aan die gevoel van die aflegging van onderdrukte emosies behels, kom wel ter sprake waar Nietzsche (26) verwys na die komponent van sang (veral die Griekse koor) wat Dionisiese emosies wek. Porter (202) wys egter daarop dat die woord *katarsis* slegs een keer in *The Birth of Tragedy* genoem word en dat hierdie teks beslis nie na katarsis in die Aristoteliaanse sin van die woord verwys nie. Nietzsche was skepties oor die morele insig wat sou volg op die katarsiese belewing; hy sluit eerder by die Duitse filoloog Jacob Bernays aan in die oortuiging dat die tragedie 'n ekstatiese belewenis is, een wat gepaard gaan met vrees en plesier (Porter 226). Vir Nietzsche is die grootste vorm van plesier, volgens Haueis (265), wanneer die gehoor genot put uit die wyse waarop die tragiese held ly.

Die Dionisiese element is sterk aanwesig in die musiek van Nietzsche se vriend, Richard Wagner, en deur na Wagner te luister, kan hy hom indink in die waansin van die feeste ter ere van Dionisos. Wagner se operas wat op die Germaanse mitologie gebaseer is, laat die mitiese herleef wat, volgens Nietzsche, deur Sokrates vernietig is. Nietzsche se antwoord op Sokrates is die Dionisiese wysheid wat nie soseer in die tragedie voorkom nie, maar in die tragiese ("the tragic") (*Birth of Tragedy* 75).

Rossman (59) is van mening dat, alhoewel die Apolliniese nie so pertinent voorkom in die latere gedeelte van Nietzsche se werk nie, die dialektiek tussen die twee beginsels as belangrik geag word: "While Nietzsche came to privilege the dynamic, ecstatic and destabilising effects of the Dionysian, he acknowledges that these transformative powers require Apollonian form for their realisation."

Die wesensaard van die onderskeid tussen die Apolliniese en Dionisiese word só deur Burger (4) opgesom:

> In hierdie werk redeneer Nietzsche dat die ou Grieke 'n Apolliniese beskawing gehad het wat hulle onderskei het van die "barbare" rondom hulle. Die barbare rondom hulle het "dionisies" geleef. Vir die Grieke het die Apolliniese die Dionisiese getemper. Die barbare bly barbare omdat die Dionisiese onbeperk voortgaan. In die Griekse beskawing word die Dionisiese deur die Apolliniese aangewend—die impulse van Dionisos word gebruik, getransformeer om 'n bestanddeel van kultuur te word eerder as 'n uitdrukking van impulse van die natuur.

Aspekte van die Dionisiese in "Fan mail Freddy Mercury"

Een van die gedigte oor rocksterre in *Kaar* is die gedig "Fan mail Freddy Mercury" (*Kaar* 96):

> Uit 'n erker van Parse in Zanzibar stulp 'n man-anemoon
> op die podiums van Londen—Mister Bad Guy
> met 'n sprank Zoroaster in die skof. Hy splyt sy bloes
> tot onder die nawel, poseer sy hoef soos 'n hings en kwisp
> fisanterig sy flankevere óm die skietlood van die mikrofoon,
> sy tros geboetseer murgerig en moerig in noupassende satyn,
> duisende snertbye in sy gloed, lighoofdig van selfvernieling,
> soos in 'n bloekom van vervroegde roubeklag.
> Wié sien hom lostuig uit die borstrok van selfbehoeding
> met rillende selfoortreding sy meel verskiet
> in 'n presiese loess van vier oktawe? Wie noteer sy falset
> uit die borsgleuf van divas, 'n snor toegevoeg in self-erbarming?
>
> Radio ga-ga verlak hy en ministerie bla-bla, hul mediokere
> immuniserende verbode soos flenterbiljette in die voetlig geprik,
> met wirrende kopspieëls verlei hy die moraal-gespuis,
> besnuif die gekneusde koljander van hul ontmaking.
>
> A, die pronk in die nek, die traksie van sleutelbene waarmee hy hom smyt
> in klankspuitende paddakuit, onverbeterlik bereid tot sterf
> en spattend uitpasseer op die voorverhoog,
> sy bekkensoom druipend, sy kake oopgetrek vir 'n hap
> uit die appel van Ahura Mazda.

Freddy Mercury (1946–1991) was die sanger van die Britse popgroep *Queen* en word vereer as een van die grootste rocksterre van alle tye. Hy is veral bekend vir sy flambojante styl op die verhoog en sy stemomvang van vier oktawe. Hierdie gegewens kom ook in die gedig voor wanneer verwys word na sy bewegings op die verhoog en die "presiese loess van vier oktawe". Herbst *et al.* (36), wat 'n akoestiese analise van Mercury se stem gemaak het, kon egter nie die bewering oor die vier oktawe-omvang bevestig nie:

> Online sources like Wikipedia (26) report singing voice ranges of four octaves from F2 (about 87.3 Hz) to F6 (about 1,396.9 Hz) for Freddie Mercury. However, in the examples listed by these sources the vocalist is not clearly identifiable (mostly because the putative examples for extreme notes stem from background vocals, which could have been sung by other members of Queen), or the respective data supposedly came from vocal improvisations that were not available as data material in this study.

Van Niekerk spel die sanger se naam as *Freddy*, maar die meeste bronne—insluitend die webblad wat deur 'n bewonderaar opgestel is—spel sy naam as *Freddie*. Die naam word op albei maniere gespel, maar die sanger self het laasgenoemde spelling verkies. Dit is egter 'n verhoognaam, want hy is as Farrokh Bulsara op die eiland Zanzibar gebore en sy ouers was Parsi's uit Indië, en was aanhangers van die Zoroaster-godsdiens. Hierdie biografiese gegewens word in die gedig opgeneem, in die verwysing na die "erker van Parse in Zanzibar". Voorts word daar verwys na "'n sprank Zoroaster in die skof". Tydens sy skooljare in Indië het hy in die Britse skool wat hy bygewoon het, sy naam na Freddie verander. Die van "Mercury" het hy begin gebruik nadat sy ouers in 1964 na Brittanje geëmigreer het. Brian May meen dat Mercury op hierdie naamsverandering besluit het om sy nuwe identiteit te vier, maar ook omdat die musiekbedryf rassisties was. Leo Kalyan, 'n queer Brits-Pakistani en Indiese sanger beskryf Mercury se naamsverandering as 'n poging om hom as 'n wit man voor te doen om sodoende binne die bedryf suksesvol te kan wees (Levine).

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

Mercury, of te wel Mercurius, is die Romeinse ekwivalent van die Griekse Hermes, die boodskapper van die gode. Mercurius word geassosieer met handelaar-figure, maar ook met diewe en trieksters. Die sanger het op die van "Mercury" besluit terwyl hy besig was met die lirieke van "My fairy king" in 1973. Vergelyk die slotreëls:

> Mother Mercury Mercury
> Look what they've done to me
> I cannot run, I cannot hide
> La la la la la la la la la la la

Hierdie lirieke herinner ook aan die herhalende verwysing na "Mamma" in *Queen* se bekende "Bohemian Rhapsody". 'n Mens kan die sanger se naamkeuse dus na die vlugvoetige en moedswillige Mercurius/Hermes terugvoer; dit is eienskappe waarmee Freddy Mercury ook geassosieer word. Ewe veelseggend is die verwysing na die feit dat hy nie kan weghardloop of wegkruip nie—weer 'n verwysing na sy openbare persona.

Hierdie naamsverandering aktiveer ook die opposisie tussen die meer behoudende omgewing van Zanzibar en die "podiums van Londen", asook die hibriede mens-diermotief wat deurgaans voorkom wanneer die spreker vir Mercury beskryf. Vergelyk in dié verband die volgende: Hy stulp soos 'n man-anemoon (reël 1); hy poseer sy hoef soos 'n hings (reël 4); hy kwisp fisanterig sy flankevere (reëls 4 en 5); hy het duisende snertbye in sy gloed (reël 7); hy het 'n pronk in die nek (reël 17); hy smyt homself uit in klankspuitende paddakuit (reël 18); hy trek sy kake oop om die appel van Ahura Mazda te byt (reël 20).

Ahura Mazda is die naam van 'n god uit die ou Iranese godsdiens wat later deur Zoroaster tot God uitgeroep is. Ahura Mazda dien as verpersoonliking van die goeie, terwyl sy broer, Angra Mainyu, die bose vergestalt. Ahura Mazda is ook die skepper van lewende wesens, die heelal en alles wat goed is (Mingren).

In die gedig is Freddy Mercury verpersoonliking van die Dionisiese beginsels—soos reeds blyk uit die beskrywing van sy lyf en sy skouspelagtige optrede (sy bloes is byvoorbeeld "tot onder die nawel" oop). Hy dra ook "noupassende satyn" en die spreker beklemtoon die sanger se spel met seksualiteit en uitspattigheid, wanneer sy hom onderskeidelik met 'n pronkerige hings en 'n fisant vergelyk. Mercury se seksuele spel met die gehoor blyk uit die beskrywing van sy "murgerige en moerige tros"—soos dit in sy stywe broek waarneembaar is. Soos die vertoning aangaan, groei die fallus van 'n week orgaan tot een wat uitdagend en "moerig"is. Saam hiermee word ook verwys na "die duisende snertbye in sy gloed" "—wat suggereer dat hy, in aansluiting by die naam van die groep en by die biseksuele persona wat hy voorgehou het, soos 'n koninginby is waarvan die gloed die ander hommelbye of kammabye nader lok. Later in die gedig word verwys na die verleidende spel wat die sanger met die "moraal-gespuis" speel.

Tydens sy optredes het Mercury sy mikrofoon onder meer gedra soos 'n septer, dit tussen sy bene gehou en daaróm gekrul soos 'n ontkleedanser, en in die gedig word die mikrofoon "sy skietlood" genoem. Die woord kan hier as dubbelsinnig geïnterpreteer word: dit kan verwys na die boukundige instrument wat gebruik word, maar dit kan ook na die fallus verwys; die lood waaruit geskiet word. Direk hierná in die gedig word na "sy tros" verwys, wat die falliese inslag van sy vertoning beklemtoon. Genderfluïditeit was 'n belangrike faset van Mercury se flambojante optredes en hy het die grense van fatsoenlikheid uitgedaag. Hy verpersoonlik 'n beliggaming van Dionisiese ekstase wat Nietzsche (*Birth of Tragedy* 47) só verwoord: "And now let us imagine to ourselves how the ecstatic tone of the Dionysian festival sounded in ever more luring and bewitching strains into this artificially confined world built on appearance and moderation, how in these strains all the undueness of nature, in joy, sorrow, and knowledge, even to the transpiercing shriek, became audible."

Op subtiele wyse sluip daar, tydens die beskrywing van Mercury se uitdagende seksuele spel met die gehoor, die frase "vervroegde roubeklag" in; profetiese woorde, om na sy uitdagende spel met die dood en sy heengaan op die ouderdom van 45 te verwys. Mercury se doodsdrif sluit aan by Nietzsche (*Birth of Tragedy* 3) se aanname dat een van die wyses waarop die Apolliniese getransendeer kan word, is "to meet an early death". In sy vroeë dood sluit Mercury aan by die talle sangers wat ná hul onverwags vroeë dood steeds vereer word vir hulle bydraes in die musiekwêreld: Kurt Cobain, Amy Winehouse, Janis Joplin, Jim Morrison—om maar enkeles te noem. Hulle verpersoonlik die kunstenaar wat alles in diens van die kuns stel, en in die proses vernietig word. Selfvernietiging en 'n doodswens word beskou as eie aan die kunstenaar met 'n verwonde ego.

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

Die eensame Mister Bad Guy

Die verwysing na "Mister Bad Guy" is gekies om nie net 'n beskrywing te gee van Mercury self nie, maar verwys ook na die titel van een van sy solo-albums uit 1985. Een van die liedjies op die album is "There must be more to life than this" en in 'n onderhoud het Mercury opgemerk dat hy daarmee 'n boodskap wou bring:

> "It is a song about people who are lonely," explained Mercury. "It's basically another love song, but it's hard to call it that because it encompasses other things, too. It's all to do with why people get themselves into so many problems. It's mostly that, but I don't want to dwell on that too much. It's just one of those songs that I had for a while." (Chilton)

Dit is ironies dat 'n beroemde en bekende sanger soos Mercury juis eensaamheid uitsonder en dit as die oorsaak van die meeste probleme bestempel. Indirek lewer hy ook kommentaar op wat in die gedig as "selfvernieling" beskryf word: in die najaag van die ekstatiese gevoel wat gepaard gaan met die verering deur die gehoor, is hy besig om homself te vernietig. Hierdie deurlopende gegewe in die gedig word voltrek in die slotstrofe wanneer die spreker opmerk dat Mercury "onverbeterlik bereid [is] tot sterf". Dit stem ooreen met Paglia (*Sex, Art and American Culture* 20) se beskrywing van rocksterre: "All the Romantic archetypes of energy, passion, rebellion and demonism, are still evident in the brawling, boozing bad boys of rock, storming from city to city on their lusty, groupie-dogged trail."

Die bybring van Zoroaster en Ahura Mazda, wat geassosieer word met streng religieuse voorskrifte, staan in skrille kontras met die dekadente uitspattigheid van Mercury se vertonings. Die besluit om aan die einde van sy lewe wel terug te keer na die kulturele gebruike van sy kinderjare suggereer 'n terugkeer na die sfeer van die Apolliniese. Nietzsche (*Birth of Tragedy* 84) se opmerking dat dogmatiese godsdiens in elk geval gaan uitsterf in die tydgees van die Dionisiese, word dusdoende ondermyn deur Freddy Mercury. Hierna word teruggekeer in die bespreking van Ahura Mazda in die slotstrofe van Marlene van Niekerk se gedig.

Die stem, die snor en die sopraan

Soos reeds genoem, is Freddy Mercury bekend vir sy beweerde "impressive four-octave vocal range" en in die gedig word verwys na " 'n presiese loess van vier oktawe". Die woord *loess* word hier vervreemdend ingespan deur die digter. *Loess* verwys na die sediment wat gevorm word deur windgedrae slik (Pieterse 380) en wissel in dikte van 'n paar sentimeters tot byna 91 meter. Nie net word die omvangrykheid van Mercury se stem daardeur gesuggereer nie, maar ook dat sy stem en melodieë op verskillende wyses ontvang is en onthou word.

Dionisos die transgressiewe plesiernajaer bied aan Freddy Mercury die geleentheid om homself te bevry en waaghalsig ekstaties te leef (vergelyk "rillende selfoortreding"). Een van die personas wat Mercury vertolk is dié van 'n diva wat falsetto sing, maar daar is ook 'n spel met die nabootsing van heteroseksualiteit deur byvoorbeeld die kweek van 'n snor. Die woord "divas" roep die geslaagde duet wat Mercury in 1992 saam met die Spaanse sopraan Montserrat Caballé, gesing het, in herinnering. Caballé se kennismaking met Mercury het in 1987 plaasgevind: "Without warning, he sat down at the piano at the former Hotel Ritz in Barcelona and began to improvise *Exercises in Free Love*, singing in falsetto what would be her part if she accepted. It was the beginning of 1987 and the first time Queen front man Freddie Mercury met Spanish soprano Montserrat Caballé." (Geli)

Die snor het Mercury begin kweek nadat hy San Francisco in die 1980's besoek het. Die snor, wat eens geassosieer is met militêre gesagsfigure, het nou simbool geword van afwykende gedrag: "From a queer perspective, the mustache's association with sexual deviancy also points to the 'Castro clones' of the '80s: masculine gay men who dressed alike, slept together, and were eventually undone and vilified by society during the AIDS crisis." (Colyar)

Vir die spreker is Mercury se snor nie soseer tekenend van sy seksualiteit nie, maar dien dit eerder as 'n poging tot "self-erbarming". Die implikasie hiervan is dat hy die snor dra as 'n poging om medelye met die self te betoon, wat weer aansluit by die verwysing na die "vervroegde roubeklag". Dit is bekend dat Mercury die snor later afgeskeer het, maar toe die letsels van Karposi se sindroom op sy gesig en nek uitgekom het, het hy sy baard en snor weer laat groei om die vigstekens te verberg. Sodoende word die snor 'n ambivalente teken by Mercury: enersyds word dit geassosieer met die viering en aanvaarding van sy gaywees, maar andersyds word dit gebruik om die tekens van wat in die tagtigerjare as die gay kanker beskou is, weg te steek.

Die snor as masker sluit natuurlik aan by die Griekse tragedie, waar maskers gedra word om bepaalde personasies voor te stel. Nietzsche (*Birth of Tragedy* 81) meen dat maskers, in die konteks van die Griekse tragedie,

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

niks ander is nie as "masks of this original hero, Dionysus". Die Dionisiese held wat nie skroom om sy ware kleure te wys nie, kruip nie weg agter 'n masker nie.

Ca Ca, Goo Goo, Ga Ga

In "Fan mail Freddy Mercury" word daar verwys na "Radio ga-ga" en "ministeriële bla-bla", wat intertekstueel skakel met die bekende liedjie "Radio Ga Ga" wat *Queen* in 1984 uitgereik het. In die lirieke van dié lied, deur Roger Taylor, word daar sterk kritiek uitgespreek teen radiostasies wat, om kommersiële redes, dieselfde musiek oor en oor gespeel het. Aanvanklik sou dit "Radio Ca Ca" wees, wat geïnspireer is deur Taylor se jong seun se reaksie op musiek oor die radio. In die video van "Radio Ga Ga" word ook intertekstueel ingespeel op Fritz Lang se klassieke film *Metropolis* (1926), terwyl daar in frases soos "Radio Ca Ca Radio Goo Goo" en "Radio Ga Ga"— in die refrein van "Radio Ga Ga" —elemente uit verspotte kindergebrabbel opklink.

Die verwysing na die radio en die ministerie in die gedig illustreer in watter mate Mercury uitgelewer was aan "mediokere immuniserende verbode" op sy musiek; veral aangesien nie alle radiostasies hierdie musiek wou speel nie en *Queen* op die VN se boikotlys was, omdat hulle in 1983 by Sun City opgetree het. Die video van "I want to break free" het ook heelwat kontroversie veroorsaak, want die groep spot met 'n bekende Britse sepie en Mercury is in vroueklere, besig om die huis te stofsuig. Die groep se gewildheid het afgeneem, veral in die VSA, ná die uitreik van hierdie video.

Tog slaag Mercury daarin om die "moraal-gespuis" met hulle skynheiligheid te sjarmeer (vergelyk "verlei" in reël 15). Ten tye van die Sun City-debakel, het Brian May opgemerk: "We've thought a lot about the morals of it a lot [...] and it is something we've decided to do. The band is not political—we play to anybody who wants to come and listen. Throughout our career we've been a very non-political group" (Harris). Die dubbele standaarde in die musiekbedryf word pertinent geïllustreer deur John Harris se opmerking:

> I have always found Queen's alliance with rock's liberal bleeding hearts a little too much to take. Towards the end of Live Aid, for example, Mercury and May played a recently written song called "Is This the World We Created?", which took issue with disease, suffering and human evil in general. I waited in vain for a specific reference to the heart-stopping wrongs they had witnessed in Bophutswana [sic], but none came. And what about the utopian sentiments of One Vision, released a year after their South African trip? "No wrong, no right," sang Freddie. "I want to tell you, there's no black and no white." Well, phooey, frankly.

Selfs boikotlyste kon nie Mercury se gewildheid laat taan nie en vanuit 'n ekonomiese oogpunt was samewerking met *Queen* besonder lonend. Gevolglik is vroeëre morele uitsprake gerieflikheidshalwe vergeet. Later sou *Queen* ook by die Nelson Mandela-konsert optree om hulle assosiasie met die eertydse apartheidsbewind reg te stel.

Die spreker impliseer dat die dubbele standaarde teenoor byvoorbeeld Freddy Mercury gelei het tot hulle eie vernietiging as musiekgroep ("ontmaking") en dat hy die een is wat op die ou einde seëvier. Die morele, voorskriftelike Apolliniese gehoor moet plek maak vir die aanslag van die verleidelike Dionisos—soos in die slotstrofe beskryf word. Die spel met die kindertaal is 'n verdere poging om die strikte Apolliniese inslag van die taal te ondermyn.

Hap uit die appel

Die slotstrofe van die gedig is inderdaad 'n viering van die Dionisiese met die beskrywing van Mercury se verhoogpersona wat 'n vermenging is van beide die erotiese en die doodsdrifte. Die niemensbeelde wat in die eerste strofe gebruik is om na hom te verwys, word nou saamgevat in die beskrywing van sy houding as dié van 'n fier en trotse hings ("pronk in die nek"). Verder word sy sang as "klankspuiende paddakuit" beskryf, wat suggereer dat, net soos die "loess" van vroeër, hy sy klank soos vrugbare stringe paddaeiers op die verhoog strooi.

Die gedig eindig met 'n vertolking van die ikoniese houding wat Mercury tydens konserte inneem: hy staan gewoonlik wydsbeen met sy een dy na die gehoor, arm in die lug en soms met sy kop agteroor en sy mond wyd oop ("kake oopgesper"). Hierdie uitdrukking, soos om 'n hap uit 'n appel te vat, skakel intertekstueel met die Bybelverhaal van Eva wat 'n eerste hap uit 'n appel in die Paradys geneem het, maar ook met die sprokie van Sneeuwitjie. In elkeen van hierdie verhale het die genoemde karakter 'n hap van 'n verbode vrug geneem en dit het verreikende en ellendige gevolge vir hulle gehad.

In Van Niekerk se gedig word die indruk geskep dat Freddy Mercury aan die einde van sy lewe hom gewend het tot Ahura Mazda—god uit die ou Iranese godsdiens wat later deur Zoroaster uitgeroep is as god oor alles wat

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

leef (Mingren)—en sodoende vrede gemaak het met sy eie sterflikheid. Hy was inderdaad "onverbeterlik bereid tot sterf". Wanneer ons egter ook in gedagte hou dat Ahura Mazda die produk van Zoroaster se visioene is (Nel 1426), aktiveer hierdie beeld verdere assosiasies met die filosofie van Nietzsche. In 1883 verskyn Nietzsche se *Also Sprach Zarathustra (Thus spoke Zarathustra)*, wat die tog van die profeetfiguur Zarathustra beskryf en wat in 1978 die grondslag gevorm het van Marlene van Niekerk se M.A.-verhandeling getiteld: "Die aard en belang van die literêre vormgewing in 'Also sprach Zarathustra'". Die volgende uitspraak oor wie Nietzsche se Zarathustra kan wees, kom van Heidegger (428), en sluit aan by hierdie bespreking van Van Niekerk se gedig: "Who is Nietzsche's Zarathustra? He is the advocate of Dionysos. That is to say: Zarathustra is the teacher who teaches the eternal recurrence of the same in, and for the sake of, his doctrine of the superman."

Nietzsche se Zarathustra baan die weg vir Dionisos, maar is nie noodwendig gebaseer op die historiese Zarathustra nie. *Zarathustra* is die oud-Persiese vorm van die naam Zoroaster en is deur Nietzsche gekies om die volgende redes: "[B]y choosing the name of Zarathustra as the prophet of his philosophy in a poetical idiom, he wanted to pay homage to the original Aryan prophet as a prominent founding figure of the spiritual-moral phase in human history, and reverse his teachings at the same time, according to his fundamental critical views on morality" (Ashouri). Die wêreld is deur die historiese Zarathustra beskryf as die arena van 'n voortdurende geveg tussen die Goeie en die Bose. Nietzsche se profeetfiguur staan egter krities teenoor die moralistiese ingesteldheid van die oer-Zarathustra:

> He refutes all theological teachings in all disguises as enemies of Life, and replaces them with a thoroughly new and absolutely positive, this-worldly, life-affirming philosophy. This philosophy of the "laughing lions" looks sarcastically at all otherworldly metaphysical notions which, by looking for eternal life instigated by a sense of fear from mortality, necessarily interprets being and human life in moralistic, and, therefore, eschatological terms. (Ashouri)

Deleuze (192) meen dat Zarathustra 'n komplekse verhouding met Dionisos het, en beskou Zarathustra as die vader van die *Űbermensch* en oorsaak van die ewige *Wiederkehr des Gleiches* ("recurrence of the same"). Laasgenoemde verwys na die idee dat alles wat bestaan 'n oneindige aantal kere oor tyd en ruimte heen herhaal word, en sal aanhou om herhaal te word. In deel 3 van *Thus Spoke Zarathustra* tree Zarathustra in gesprek met die diere en merk op: "Everything goeth, everything returneth; eternally rolleth the wheel of existence. Everything dieth, everything blossometh forth again; eternally runneth on the year of existence. Everything breaketh, everything is integrated anew; eternally buildeth itself the same house of existence. All things separate, all things again greet one another; eternally true to itself remaineth the ring of existence" (*Zarathustra* 234).

Wanneer Nietzsche opmerk dat die hoër mens geassosieer word met 'n kenmerkende Dionisiese houding jeens die lewe (234), is die implikasie dat diegene met so 'n houding makliker die beginsel van die ewige terugkeer aanvaar. Die Dionisiese word volgens Deleuze (194) gekoppel aan die lag, die dans en die spel: "In relation to Zarathustra laughter, play and dance are affirmative powers of transmutation: dance transmutes heavy into light, laughter transmutes suffering into joy and the play of throwing (the dice) transmutes low into high. But in relation to Dionysus dance, laughter and play are affirmative powers of reflection and development." Nietzsche merk trouens op dat hy slegs kan glo in 'n God wat weet hoe om te dans (*Zarathustra* 68). Met dans, spel en gelag is ons terug in die sfeer van die rockmusikant Freddy Mercury. Hy het nie net aan die einde van sy lewe ter wille van sy familie na die Apolliniese kultuur en godsdiens van sy jeug terug gekeer en daar gesoek vir "sympathetic looks of love" (*Birth of Tragedy* 34) nie. Hy het ook die historiese Zarathustra, die oervader van die monoteïsme van sy ouers se godsdiens, verruil vir die fiktiewe Zarathustra-konstruksie, "the teacher who teaches the eternal recurrence of the same in, and for the sake of, his doctrine of the superman" (Heidegger 428.) Hy hang Zarathustra aan met sy skepsis teenoor wat veronderstel is om die waarheid te wees—hy is aanhanger van die ewige wederkeer-beginsel en verwerper van morele waarhede. (Vergelyk ook Heidegger se opmerking oor Zarathustra as die pleitregter vir Dionisos en die Dionisiese lewenshouding.)

Nietzsche se keuse van die historiese profeetfiguur Zoroaster (628–551 v. C.) as 'n metaforiese konstruksie vir bepaalde filosofiese idees, is nie so duidelik soos in die geval van ander klassieke figure in sy werk nie (Aiken 335). Die vraag ontstaan dus hoekom hierdie onbekende profeet uit die Ooste gekies is as die sentrale figuur in

Nietzsche se teks. Nietzsche het self erken dat sy Zoroaster nie dieselfde standpunte huldig as die historiese profeetfiguur, Zarathustra, nie:

> Historically, Zoroaster was indeed a reformer; but there is little evidence in Nietzsche's Zarathustra that in his adaptation he was trying to reform the dualistic premises of either Greek or of Christian thought. He simply breaks cleanly with both worlds of thought. Nietzsche's concern was not primarily with metaphysics; empirical evidence for an evolutionary-grounded metaphysic was simply overwhelming. Nor was his concern with ethics; moral hypocrisy in the dualist West is painfully obvious. (351)

Op 27 November 1991 is Freddy Mercury se begrafnis deur 'n Zoroasterpriester by die Wes-Londense Krematorium waargeneem, terwyl sy as aan sy eertydse meisie, Mary Austin, gegee is om op 'n geheime plek te strooi. Die naam op die plaat by die krematorium is ook sy geboortenaam, volgens Wikipedia, en die implikasie hiervan is dat Freddy Mercury/Farrokh Bulsara nadoods weer sy ou identiteit aanneem.

Slotopmerkings

Volgens Paglia (*Sex, Art* 19) word rockmusiek gekenmerk deur "surging Dionysian rhythms" en in Van Niekerk se gedig is Freddy Mercury die verpersoonliking hiervan. Sy ekstatiese liggaamshoudings, sy spel met die gehoor, sy uittarting van sy eie sterflikheid illustreer Carlevale (78) se opmerking dat die Dionisiese grotendeels geassosieer word met "anti-repressive practices". In aansluiting hierby verpersoonlik Freddy Mercury se "lostuig uit die borstrok" die Dionisiese met sy beweging, sy gedans en—soos wat Schnabel dit noem—"individual and collective trance and ecstasy" wat sy vertonings kenmerk.

Die intellektuele digter Marlene van Niekerk, verpersoonliking van die Apolliniese met haar rasionele ingesteldheid, word meegevoer deur Mister Bad Guy, dissipel van Dionisos, soos blyk uit die taalgebruik en ritme van hierdie aanhangersbrief. Eweneens is sommige lirieke deur Freddy Mercury grotendeels Apollinies, bevind Van Niekerk, want ten spyte van sy Dioniese uitspattigheid, getuig dit van besinnende emosies en nabetragting oor lewenskrisisse. Net soos by Mercury is daar by Van Niekerk ook 'n vermenging van die Apolliniese en die Dionisiese—'n vermenging van "die kuns van die skone skyn" en "die kuns van die wanklankige waarheid" ("Aard en belang" 280).

Geraadpleegde bronne

Aiken, David. "Nietzsche and his Zarathustra: A Western Poet's Transformation of an Eastern Priest and Prophet." *Zeitschrift für Religions- und Geistesgeschichte* vol. 55, no. 4, 2003, pp. 335–53. DOI: https://doi.org/10.1163/157007303770479785.

Asbo, Kayleen. "The Lyre and the Drum: Dionysus and Apollo throughout Music History." *Mythological Studies Journal.* 2011.

Ashouri, Daryoush. "Nietzsche and Persia." *Encyclopedia Iranica.* 2010. https://www.iranicaonline.org/articles/nietzsche-and-persia#:~:text=As%20Nietzsche%20admits%20himself%2C%20by,same%20time%2C%20according%20to%20his.

Burger, Willie. "Also sprach Treppie: Taal en verhaal as muurpapier in Marlene van Niekerk se *Triomf* (of "It's all in the mind")." *Literator* vol. 21, no. 1, 2000, pp. 1–20. DOI: https://doi.org/10.4102/lit.v21i1.437.

Carlevale, John. "Dionysus Now. Dionysian Myth-History in the Sixties." *Arion: A Journal of Humanities and the Classics* vol. 13, no. 2, 2005, pp. 77–116.

Chilton, Martin. "Mr. Bad Guy: Why Freddie Mercury's Solo Album Was A Shot In The Arm". *udiscovermusic.* 9 Apr. 2022. https://www.udiscovermusic.com/stories/freddie-mercury-mr-bad-guy-solo-album/.

Colyar, Brock. "Cruisin' With the Mustache Crew Meet the Facial-Hair Style Taking Over Every Gay Bar In The City." *The Cut.* 22 Apr. 2019. https://www.thecut.com/2019/04/cruisin-with-the-mustache-crew.html.

Cox, Christoph. "Nietzsche, Dionysus, and the Ontology of Music." *A Companion to Nietzsche*, edited by K. A. Pearson. Blackwell, 2006, pp. 495–513. DOI: https://doi.org/10.1002/9780470751374.ch27.

Deleuze, Gilles. *Nietzsche and philosophy.* Continuum, 1983.

Freeman, Timothy J. "The Mask of Tragedy: An Impossible Book." Klasnotas. U Hawaii.

Geli, Carles. "How Freddie Mercury and Montserrat Caballé made musical history." 8 Okt. 2018. https://english.elpais.com/elpais/2018/10/08/inenglish/1538998793_523395.html.

Harris, John. "The sins of St Freddie." *The Guardian.* 14 Jan. 2005. https://www.theguardian.com/music/2005/jan/14/2.

Haueis, Philipp. "Apollinian Scientia Sexualis and Dionysian Ars Erotica? On the Relation Between Michel Foucault's *History of Sexuality* and Friedrich Nietzsche's *Birth of Tragedy*." *Journal of Nietzsche Studies* vol. 43, no. 2, 2012, pp. 260–82. DOI: https://doi.org/10.5325/jnietstud.43.2.0260.

Heidegger, Martin "Who Is Nietzsche's Zarathustra?" *The Review of Metaphysics* vol. 20, no. 3, 1967, pp. 4117–431.

Herbst, Christian T. *et al.* "Freddie Mercury—acoustic analysis of speaking fundamental frequency, vibrato, and subharmonics." *Logopedics Phoniatrics Vocology* vol. 42, no. 1, 2017, pp. 29–38. DOI: https://doi.org/10.3109/14015439.2016.1156737.

Levine, Nick. "Who was the real Freddie Mercury?" *BBC.* 11 Okt. 2019. https://www.bbc.com/culture/article/20191010-who-was-the-real-freddie-mercury.

Mingren, Wu. "Ahura Mazda and Angra Mainyu In Zoroastrianism's Creation Mythology." *Parsi Khabar*. 5 Feb. 2021. https://parsikhabar.net/religion/ahura-mazda-and-angra-mainyu-in-zoroastrianisms-creation-mythology/24856/.
Nel, Marius. "Zoroastranisme en die ontstaan van apokaliptiese denke." *HTS Teologiese studies* vol 59, no. 4, pp. 1425–42. DOI: https://doi.org/10.4102/hts.v59i4.702.
Nietzsche, Friedrich. *The Project Gutenberg eBook of The Birth of Tragedy*, vertaal deur William A. Hausmann, geredigeer deur Oscar Levy. *Project Gutenberg*, 2016. https://www.gutenberg.org/files/51356/51356-h/51356-h.htm#.
____. *The Project Gutenberg eBook of The Case Of Wagner, Nietzsche Contra Wagner, and Selected Aphorisms by Friedrich Nietzsche*, geredigeer deur Anthony M. Ludovici. *Project Gutenberg*, 2008. https://www.gutenberg.org/files/25012/25012-h/25012-h.html.
____. *Thus Spoke Zarathustra. A Book for Everyone and No One*, vertaal deur R. J. Hollingdale. Penguin, 1961.
Paglia, Camille. *Sex, Art and American Culture*. Viking, 1993.
____. *Sexual Personae*. Penguin, 1990.
Pappas, Nickolas. "Nietzsche's Apollo." *Journal of Nietzsche Studies* vol. 45, no. 1, 2014, pp. 43–53.
Pieterse, H. J. "Variasie en variëteit: 'n Voorlopige verkenning van die voorkoms en funksie van taalvariëteite in *Kaar* (Marlene van Niekerk)." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* vol. 57, no. 2–1, 2017, pp. 369–86. DOI: http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2017/v57n2-1a9.
Porter, James. I. "Nietzsche, Tragedy, and the Theory of Catharsis." *SKENÈ Journal of Theatre and Drama Studies* vol. 2, 2016, pp. 201–28. https://doi.org/10.13136/sjtds.v2i1.45.
Rossman, Jean. "Dionysian Daydreaming: (Re) Creating Community in Marlene van Niekerk's *Memorandum*." *English in Africa* vol. 41, no. 3, 2014, pp. 57–78. DOI: https://doi.org/10.4314/eia.v41i3.3s.
Schnabel, Tom. "Apollonian v. Dionysian Music Experience." *KCRW*. 1 Aug. 2011. https://www.kcrw.com/music/articles/apollonian-v-dionysian-music-experience.
Snyman, Henning. "LitNet Akademies-resensie-essay: *Kaar* 'n klein ensiklopedie van woord en digkuns." *LitNet Akademies*. 4 Des. 2013. https://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-kaar-n-klein-ensiklopedie-van-woord-en-digkuns.
Stern, J. P. *Nietzsche*. Fontana, 1985. *Songfacts*. "Radio Ga Ga". *Songfacts*. https://www.songfacts.com/facts/queen/radio-ga-ga.
Ulusoy, Emre. "Subcultural Escapades via Music Consumption: Identity Transformations and Extraordinary Experiences in Dionysian Music Subcultures." *Journal of Business Research* vol. 69, no. 1, 2016, pp. 244–54. DOI: https://doi.org/10.1016/j.jbusres.2015.07.037.
Van Niekerk, Marlene. "Die aard en belang van die literêre vormgewing in 'Also sprach Zarathustra' deur Friedrich Wilhelm Nietzsche." MA-tesis. U Stellenbosch, 1978. https://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/64421.
____. *Kaar*. Human & Rousseau, 2013.
Wikipedia-bydraers. "Freddie Mercury." *Wikipedia, The Free Encyclopedia*. https://en.wikipedia.org/wiki/Freddie_Mercury.

Towards reconstructing Africa: Recuperation and responsibility in Ayi Kwei Armah's *The Healers*

Augustine H. Asaah & Tao Zou

Towards reconstructing Africa: Recuperation and responsibility in Ayi Kwei Armah's *The Healers*

A product of Africa's pre-colonial and colonial history, Ayi Kwei Armah's fifth novel, *The Healers* (1978), is steeped in an African communalistic worldview and the functional conception of art. In this article we examine the multiple dimensions to recuperation within the context of the reconstruction of Africa, the continental search for utopia, and the responsibility that this places on Africans. Using Armah's communitarian perspectives on health as a guide, we identify six interlocking subsets of recuperation as healing, re-creation, renascence, repossession, recall, and *Sankofa* (return). Informed by Molefi Kete Asante's construct of agency and Armah's communalistic injunctions to readers, we establish that permeating each of these building blocks is the responsibility of Africans to operationalize the reconstruction of Africa, the leitmotif of the novel. As helpers, visionaries, and custodians of vital traditional knowledge and skills, the healers facilitate the sharing of information on Africa's past and future against the background of British colonial domination. We also show that Armah deliberately gives the novel this polysemic title to transcend the spatial, cultural, and epistemic limitations imposed on the continent by the colonial order. We conclude that the social orientation and creative configuration of health in the work are consistent with the diverse and intermingling meanings of recuperation. **Keywords:** Ayi Kwei Armah, *The Healers*, African recuperation, African responsibility, African reconstruction.

Introduction

Completed by Ayi Kwei Armah in 1975, *The Healers* was first published in 1978, almost a century after the 1873–1874 war between the British and Asante/Ashanti that culminated in the defeat of the latter and prepared the ground for their future incorporation into the Gold Coast colony, now Ghana. The success of the colonial campaign was not just a function of European technological superiority and cultural onslaught but of the divisiveness among African peoples. Equally worth noting is the novel's year of publication occurring some hundred years after the 1884 Berlin Conference which formalized the colonial dismemberment of Africa.

Given this historical and sociogenic context, Armah conceptualizes healing as an all-embracing therapeutic activity, guided by the imperative of wholeness—that is, the unification of fragmented entities: individuals, ethnic groups, and nations in Africa and the African diaspora. Grounded in communalism, Armah's dilated conceptualization of healing is thus premised on his project of dismantling the spatial, cultural, and epistemic limitations that colonialism imposed on Africans. Whereas the paratextual paramountcy accorded to healing foregrounds the primacy of therapy and wellness—reflecting the convergence of form and substance, and art and ideology in the narrative—the context invests the term with polyvalence. Six dynamic and interlocking variables of the hypernym "recuperation"—healing/recovery, reinvigoration/renascence, re-creation, repossession, recall, and *Sankofa* (return)—are deployed by Armah to reinforce the imperative of Africa's reconstruction and resistance to hegemony.

Augustine H. Asaah is professor in the Department of French, School of Languages at the University of Ghana, Accra, Ghana. His areas of research interest include postcolonial literatures, Afropeanism, and women-centered discourse.
Email: ahasaah@ug.edu.gh
https://orcid.org/0000-0001-7541-4054

Tao Zou is professor of English and vice-dean in the School of Foreign Languages and vice-director in the Center for West African Studies at the University of Electronic Science and Technology of China, Chengdu, Sichuan, China.
Email: zoutao1976@uestc.edu.cn
https://orcid.org/0000-0001-7030-3603

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i2.13220

DATES:
Submitted: 28 February 2022; Accepted: 21 June 2022; Published: 28 September 2022

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

The Healers has received its fair share of critical appraisal, some disparaging (Lindfors), some balanced (Boafo; Ogede), and some eulogistic (Nwahunanya; Petrie; Ashcroft). If scholars are unanimous on the centrality of physical, psychological, and social healing to the novel, very few have interrogated the nature and scope of its underlying concept of responsibility-laden multi-faceted recuperation. Appositely, Bill Ashcroft says of Armah's fifth novel: "The healing that comes from the recuperation of traditional knowledge is a key feature of Armah's vision of the future, and the memory of history a key to the transformation of the present" (710). For all their incisiveness, Ashcroft's article, "Remembering the Future: Utopianism in African Literature", and Y. S. Boafo's "The Nature of Healing in Ayi Kwei Armah's *The Healers*", for example, do not consistently explore the diverse facets of recuperation and Armah's call for commitment to give effect to each of its constituent variables.

To the extent that the name Damfo, the master healer, in the Mfantse dialect of Akan means "friend" or "helper", it foregrounds the facilitative role of the guild of visionary traditional health practitioners, thus indexing, by the same token, the responsibility of subjects (patients, polity, public) in their own multiple recuperation.[1] In other words, recuperation, for Armah, involves the responsiveness, agency, and self-empowerment of the individual and the community in their multidimensional wellbeing. The double focus, in the current study, on multivalent recuperation and the imperative of responsibility that attends on each of the constituent subsets of recuperation will help to fill the gap in knowledge with respect to the literature on therapy in *The Healers*.

Operationally defined in this paper as commitment, duty, action, praxis, application of knowledge, and self-empowerment, the notion of responsibility is grounded in this configuration by Molefe Kete Asante, the renowned Afrocentricity scholar: "An agent, in our terms, must mean a human being who is capable of acting independently in his or her own best interest. Agency itself is the ability to provide the psychological and cultural resources necessary for the advancement of human freedom" (153). The construct is also anchored in Armah's insistence on African renascence (cultural, social, and political) as a function of the courage to deploy available knowledge and competencies for the creation of a better world (*Remembering the Dismembered Continent* 11). Further, it resonates with Jing Yin's thesis on responsibility as a key component of ethics and the backbone of community building (79). Accordingly, this study will show how each of the six identified interrelated manifestations of recuperation—recovery, reinvigoration, re-creation, repossession, recall, and *Sankofa*—is invested with a call to duty and to action in the reconstruction of Africa.

These six constituent subtypes function as the pillars which prop up recuperation in *The Healers*. By extension, they also serve as the building blocks of the reconstruction of Africa. An analysis of their place in the narrative will proceed from the simple/obvious (that is recuperation as the restoration of personal and societal wellbeing) to the most complex/controversial (recuperation tied to the mythical *Sankofa* symbol).

Recuperation as restoration of individual health and collective strength

Pretoria: Protea Boekhuis, 2020. 95 pp.
ISBN 978-1-4853-1125-6.

Antjie Krog se versdrama *met die oog op more* (2020) is ruimhartig ontvang deur talle Afrikaanssprekende kritici. Die positiewe kritiek prys die vorm en inhoud van die teks. Onder meer herken Alwyn Roux vir Krog as 'n meester van die versdrama, waar die vers 'n funksionele tegniese vorm is en nie bloot 'n dekoratiewe element nie. Joan Hambidge beklemtoon die teks se aard as beide mito-poëties en feitelik. Beide hierdie stellings is geldig. Vir my lê die toneelteks se grootste sukses, in 'n dramakonteks waar daar effens wegbeweeg word van Krog se woordkuns, in die karakterskepping van Moshoeshoe, koning van die destydse Basoetoland.

In 'n onderhoud met Melt Myburgh vertel Krog self: "Moshoeshoe was in feitlik alle opsigte Nelson Mandela se voorloper". Krog se bewondering van Moshoeshoe vergestalt in haar toneelteks in 'n intelligente, posisievaste leier wat in die toekoms probeer kyk hoe om in die hede sy mense voor te berei op onvermydelike verandering. Vroeg reeds sê Moshoeshoe: "my oog is op môre en hiervoor vleg ek reeds 'n mat dig van mens en bees en veld, 'n mat van genoeg … van saamwerk" (11). Die groot staatsman sorg vir sy mense, voer hulle, beskerm hulle. Hy is nie naïef oor die teenwoordigheid van Boer en Brit in en om sy landsgrense nie. Moshoeshoe se vriend Moorosi herhaal juis sy koning se woorde oor hoe belangrik samewerking oor godsdiens- en rasselyne is in konfliksituasies: "Ek wil skadelike gedrag stop, maar hoe stop ek dit sonder om self ook skadelik te raak? […] Die manier waarop 'n mens die skadelike onskadelik maak, is belangrik vir die pad waarin ons wil hê ons toekoms vorentoe moet loop" (17–8).

Die vriendskap tussen koning Moshoeshoe en die Franse sendeling Eugène Casalis vorm die spil van die intrige. 'n Ryk historiese werklikheid word opgeroep in karakters se verwysings na en beskrywings van figure wat dadelik herkenbaar is: Sobhuza, Mzilikazi,

Shaka, Mohlomi, die sogenaamde "Sokrates van Afrika" (Du Preez), Cathcart en ander. Krog gebruik verder 'n spreekkoor, wat 'n imbongi insluit, om historiese situasies en gebeure verder toe te lig. In inhoud en vorm vervleg die toneelteks verskillende—en soms kontrastrende—kulturele posisies en (teater)tradisies. (Hierdie tipe vermenging is lankal omtrent so bekend soos die tradisies en praktyke wat dit voorafgegaan het). Hoewel hy en Casalis verskil oor die aard van sonde en die rol van Christus in individuele redding, weet Moshoeshoe dat hy en die kerkman met mekaar moet praat. Wit militêre magte bedreig die Basoeto toenemend en Moshoeshoe het 'n bondgenoot nodig.

Krog beeld Casalis uit as 'n denker wat vasstaan in sy geloof hoewel hy deur sy interaksie met Moshoehoe die teenstrydighede van die Skrif raaksien. Casalis het groot agting vir die Basoetokoning, 'n gespierde man en 'n man van grasie (23). Moshoeshoe dwing Casalis om nugter oor sy geloofsoortuigings te dink: "[...] die koning peper my met vrae. Hoe kan ons bewys dat alles in die Bybel waar is?" (25). Moshoeshoe vra verder hoe gewone sterflike mense in 'n ewige God kan glo; hoewel die ewigheid van God vir Moshoeshoe 'n kwelvraag is, is die idee van die ewigheid deel van sy verwysingsraamwerk en verwys hy telkens na hoe hy en karakters soos Casalis saam in die ewigheid met mekaar verbind is.

Moshoeshoe is bekommerd oor sy mense en sy krimpende koninkryk. Tot die einde (ná verskeie tydspronge oor dekades) in sy korrespondensie met sy dogter Adéle, is Casalis op sy beurt bekommerd oor Moshoeshoe se geestelike saligheid. Dis ook in hierdie skrywes tussen pa en dogter wat die toneelteks sake wat vroeër uitgelig is, soms onnodig met 'n hamer herhaal: "Het die wit man se genadeloosheid dan geen perke nie?", wonder Adéle (85).

Beide Moshoehoe en Casalis is gereeld in die teenwoordigheid van, en word uitgedaag deur, vroulike vertrouelinge. Wanneer Moshoeshoe se vrou 'Mamohatho vir hom uitwys hoe vreemd en absurd die gebruik van geld is, reageer die koning uit frustrasie: "Jy praat asof ons kan kies! Asof ons kan nee sê!" (40). Op haar beurt spreek 'Mamohatho haar kommer uit oor die invloed van die sendelinge: "Intussen loop jou kinders se koppe leeg van Basoetokennis en dool ons almal verdierd hier rond soos die sendelinge ons van mekaar afsny" (41). Hierdie woorde dui treffend op die die wyses waarop inheemse kennissisteme stelselmatig verdring is deur koloniale raamwerke en woordeskatte. Wanneer Moshoeshoe wegstap van die gesprek, sê 'n bewerige 'Mamohatho "selfs sy beeldspraak is wit ..." nadat die koning na vensters en deure verwys het (43). Beide Moshoeshoe en 'Mamohatho is karakters waarin akteurs hul tande sal kan inslaan.

Die tonele tussen Moshoeshoe en 'Mamohatho is van die sterktste in die hele toneelteks, waar Casalis en sy verstaanbaar-meer-gedienstige-vrou 'n veel minder dinamiese verhouding het. Tog moet ek Mevrou Casalis nie te lig skat nie; dis immers sy wat die kannibalismemotief (reeds in die openingstonele aangekondig) eksplisiet in verhouding bring met die Christelike nagmaalsritueel (48). Die karakters Maeder en Arbousset (twee ander sendelinge wat Casalis ken) wat beide die styl en figure van Samuel Beckett en Tom Stoppard oproep, is by tye irriterend, asof hul dialoog ontuis klink in die toneelteks. Dit is nie vir my duidelik waarom hierdie kort interaksies en dialoog op hierdie wyse gestruktureer is nie (sien byvoorbeeld 53, 56, 58).

Die verhoog vra vir 'n "witkleurige raamwerk of omlyning wat te alle tye sigbaar vir die gehoor moet wees" (6). Hierdie raamwerk word op kreatiewe wyse deel van die verhooghandelinge, soos gedurende 'Mamohato se monoloog as voormoeder (62–4) wanneer die raam uitmekaargehaal word en Casalis dit herstel. Soms is Krog se toneelaanwysings visueel treffend: "Pragtige uitsig op manjifieke berge van Lesotho" (32). Hierdie uitsig, of die suggestie daarvan, moet oortuigend weergegee word, aangesien Moshoeshoe en Casalis op een van die kranse sit en gesels. 'n Regisseur sal die dramatiese gewig van sekere toneelaanwysings goed moet (her)oorweeg. In toneel 41, byvoorbeeld, is daar 'n "luide weeklaag" vanaf die berge, waarop Moorosi (op besoek aan Casalis) 'n bord laat val; "Casalis stort op sy knieë" (49). 'n Regisseur mag dalk verkies om hierdie dramatiese klanke en handelinge ligter te benader as wat die teks voorstel. Indien hierdie toneelteks opgevoer sou word, sal dit interessant wees om te sien watter visie en interpretasie 'n dinamiese jong swart regisseur tot die produksie sal bring.

Geraadpleegde bronne

Du Preez, Max. "A secret history unraveled in the Giants of Lesotho". *Mail & Guardian*. 30 Sep. 2014. https://mg.co.za/article/2014-09-30-podcast-giants-of-lesotho/.

Hambidge, Joan. "Resensie. Antjie Krog—Met die oog op more". *Woorde wat weeg*. 1 Feb. 2021. http://joanhambidge.blogspot.com/2021/02/resensie-antjie-krog-met-die-oog-op.html.

Myburg, Melt & Antjie Krog. "Antjie se oog op more. Skrywersonderhoud". *LitNet*. 3 Feb. 2021. https://www.litnet.co.za/antjie-se-oog-op-more/.

Roux, Alwyn. "Resensie: Met die oog op more (Antjie Krog)." *Versindaba*. 29 Apr. 2021. https://versindaba.co.za/2021/04/29/resensie-met-die-oog-op-more-antjie-krog/.

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

Chris Broodryk
chris.broodryk@up.ac.za
Universiteit van Pretoria
Pretoria, Suid-Afrika
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-0760-8663

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i2.14536

Ons het ver […] versit: Gedigte, toesprake, onderhoude, met 'n essay deur Hein Willemse.
Patrick J. Petersen.
Wildernis: abrile doman-Uitgewers, 2021. 315 pp.
ISBN 9781991219374.

Die naam Patrick Petersen is een van dié wat uitstaan wanneer 'n mens dink aan die 1980's en 1990's toe die Afrikaanse letterkunde as instelling ter take geneem is vir die wyse waarop dit skrywers wat nie wit is nie uitgesluit het. Petersen was een van 'n groep skrywers en akademici wat die begrip 'swart Afrikaanse skryfwerk' 'n bepaalde invulling gegee het en met groot dringendheid op die literêre agenda van die tyd geplaas het.

Petersen is gebore in Wolseley in 1951 en is aan die Universiteit van Wes-Kaapland opgelei in die teologie voordat hy in 1976 sy eerste beroep as dominee aanvaar het. Hy begin in die middel tagtigerjare om self sy bundels te publiseer nadat 'n eerste manuskrip deur uitgewers afgewys is. Hy help ook ander swart Afrikaanse digters om hulle werk te publiseer deur die uitgewerye Prog en later Domestica op te rig en publiseer ook saam met hulle in versamelbundels. Sy ontydige dood in 'n motorongeluk op ouderdom 46 in 1997 is 'n gevoelige verlies vir die Afrikaanse letterkunde, veral omdat hy as skrywer bereid was om op kompromislose wyse die rol van die Afrikaanse letterkunde in die politieke landskap ná 1994 te bedink.

Die publikasie *Ons het […] ver versit*, onder redaksie van Hein Willemse, is 'n belangrike erkenning en huldiging van hierdie digter-aktivis wat in 2021 sy sewentigste verjaardag sou vier. Sy digbundels, toesprake en onderhoude word hier saamgebring met 'n besonder insiggewende essay waarin Willemse sy bydrae takseer teen die agtergrond van die swart Afrikaanse skrywersbeweging, die sosio-politiese konteks en belangrike teorieë oor die verhouding tussen die estetiese en die politiese, 'n saak waarmee Petersen homself deurlopend besig gehou het. Hiernaas is daar ook Willemse se voorwoord waarin hy sy redigeringsbeleid uiteensit en Petersen se werk plaas binne die konteks van die swart Suid-Afrikaanse letterkunde in Engels en ook die postkoloniale letterkunde, iets wat interessante navorsingsmoontlikhede in verband met dié skrywer se werk open. Die netjiese versorging van die geheel sowel as die nuttige lys woordverklarings en indeks maak hiervan 'n keurpublikasie.

Dit is veral Petersen se drie digbundels en een lang gedig wat inhoud gee aan sy reputasie as polities betrokke digter deur die wyse waarop dit politieke kwessies vervleg met onderwerpe soos familie, liefde, geloof, maatskaplike kwessies en sport. Die inleiding van sy eerste bundel *amandla ngawethu* (1985) maak dit duidelik waarom dit die geval is: "niks in suid-Afrika is neutraal nie, niemand in suid-afrika kan neutraal skryf nie," (16) skryf hy. Daarom moet die poësie ook die rol van wapen in die politieke stryd vervul. Die eerste gedigte in hierdie debuutbundel fokus op herkoms, soos wat blyk uit die gedig "komvandaan" ('n begrip wat later ook deur Diana Ferrus opgeneem sou word in haar digbundel *Ons komvandaan* van 2006). Deel van die "komvandaan" is die roerende portrette van sy ma en pa, ook van sy gemeenskap wat ly onder apartheid. Die gedig "dienaar van die nagereg" (oor sy polisieman-pa) bly 'n hoogtepunt in Petersen se oeuvre vanweë die verwikkelde emosies wat oorgedra word deur middel van die woordspel, dubbelsinnigheid, ironie en treffende metafore.

Die bundel *Advent* wat drie jaar later in 1988 verskyn, is besonder sterk gesetel in die versetspolitiek van die laat tagtigerjare. Die uiters gespanne atmosfeer van daardie tyd is deurlopend aanwesig in die bundel, wat in elke afdeling en in haas elke gedig die politieke probleme van die tyd aanspreek. Besonder treffend is byvoorbeeld die reeks gedigte in die tweede van die bundel se sewe afdelings, getitel "Soldate van die tweede revolusie", waarin beide stem en erkenning gegee word aan die vroue wat deel was van die vryheidsbeweging. Hiernaas is daar ook die vyfde afdeling, getitel "Die kerk 'n hand windvolles", waarin die digter sy ingewikkelde posisie as predikant van 'n kerk in die apartheidskonteks verreken. Die drang na vryheid van onderdrukking bou al hoe sterker op met verloop van die bundel totdat dit eindig met die gedig "Daar kom 'n bloedkreet uit die aarde op". Daar is min verse in Afrikaans, voor én ná die val van apartheid, wat die brandende verset en uitdagende retoriek van hierdie verse ewenaar.

Petersen se derde bundel *Vergenoeg* verskyn in 1993, ná die draai van die politieke gety maar vóór die eerste demokratiese verkiesing van 1994. Volgens die opdrag voor in die bundel is dit geskryf "vir Afrikaans" en sinspeel die tekste wat op die titelblad 'ingeplak'

is ('n nuwe verstegniek wat Petersen gebruik om ook ander stemme in sy werk in te bring) daarop dat Afrikaans beide die taal van onderdrukking en van die struggle is. Waar die aksent in *Advent* gelê het op die onmiddellikheid van die stryd teen apartheid, verskuif dit in *Vergenoeg* na die stryd teen armoede en die uitbuiting van die werkersklas. In die tweede afdeling van die bundel word die werkers van die land aan die woord gestel in hulle eie taal, terwyl die sesde afdeling se gedigte die lot van veral plaaswerkers belig uit die perspektief van 'n simpatieke buitestander.

Myns insiens is die lang gedig "Ons kom van ver af"—hier opgeneem uit die bundel met dieselfde titel gepubliseer saam met P. William Abrahams, Eugène Beukes, André Boezak en Isak Theunissen in 1995—'n hoogtepunt in Petersen se oeuvre. Dit is 'n gedig waarin die persoonlike en die publieke verenig om die lang tog van onderdruktes na vryheid te beskryf. Dit verwys tegelykertyd na die verlede (vergelyk die herhaalde verwysings na die "lang pad" wat afgelê is vanaf slawerny en swerwerskap) én na die toekoms (vergelyk die pleidooie om samewerking aan sy "Xhosa-broers en susters" om die hande van die ander onderdruktes in die land te vat en hulle nie alleen te los op die pad vorentoe nie).

Naas Petersen se poësie bevat dié versamelbundel ook drie van sy toesprake waarin hy sy artistieke oortuigings en agenda as swart Afrikaanse skrywer uiteengesit het, telkens steeds meer selfversekerd, vasberade en duidelik geartikuleer. Die eerste toespraak, "Swart Afrikaanse digters en hulle ambag" (gelewer by die Swart Afrikaanse Skrywersimposium van 1985), is die geleentheid waarby hy die taal Afrikaans vir homself as swart skrywer toeëien, met die vaste oortuiging dat die poësie binne die apartheidskonteks moet funksioneer as wapen in die stryd en "boodskapdraer van die mense" (212). In "Goeie skryfwerk en slegte skryfwerk", 'n toespraak gelewer by geleentheid van die ontmoeting tussen Suid-Afrikaanse skrywers en die ANC by die Victoria-waterval in Julie 1989, voer hy die idee van die letterkunde as wapen verder wanneer hy die metafoor van poësie as briefbom gebruik en die stelling maak dat die struggle "'n poëtiese guerilla-aksie" van skrywers vra (219). Die rede "Publication and power: Views of the marginalised", gelewer tydens 'n kongres oor Suid-Afrikaanse letterkunde in Duitsland in 1992, verduidelik in watter mate sy oprigting van die uitgewers Prog en Domestica 'n poging was om hom te verset teen die magsverhoudinge in die Afrikaanse uitgewerswêreld. In sy rede by die Tweede Swart Afrikaanse Skrywersimposium in 1995, "Die ongelyke magsverhouding in die Afrikaanse letterkunde", dring hy weer eens aan op die regstelling van ongelykhede in die Afrikaanse literêre sisteem en blyk dit dat sy optimisme oor die politieke omwenteling in die land getemper word deur die besef dat daar deeglike introspeksie oor die verlede nodig is.

Die onderhoude wat in die boek opgeneem word, vul die prentjie verder aan. Petersen se bedaarde antwoorde op die Nederlandse letterkundige, Hans Ester, se skeptisisme oor die letterkunde as wapen in die politieke stryd in 'n 1989-onderhoud, is die keerkant van die vurige strydgedigte in *Advent* van 1988. Besonder verhelderend is ook die 1991-onderhoud met Hein Willemse waarin Petersen verwys na die invloed wat sy skoling in die swart- en bevrydingsteologie op sy denke en werk gehad het. Sy beskrywing van die belangrike invloed van Black Consciousness op sy begrip van homself is eweneens veelseggend: "Deur Black Consciousness het ek van 'n skaam mens—teruggetrokke oor hare en velkleur—eenvoudig 'n ander mens geword". Die onderhoud met Daniel Hugo vir die Afrikaanse radio bring weer 'n blik op hoe hy homself as predikant gesien het, as iemand wat "begif is om 'n prediker te wees en woorduitleg te doen", eerder as om pastorale of administratiewe werk te doen.

Hierdie saambring van Petersen se versamelde werke erken die belangrikheid van sy nalatenskap en gee vir die leser sig op 'n belangrike periode in die geskiedenis van die land en die Afrikaanse letterkunde. Terugskouend is dit duidelik dat die dink-, skryf- en aktivistiese werk wat Petersen en sy tydgenote gedoen het die grondslag gelê het vir die werk van 'n volgende geslag skrywers soos Ronelda Kamfer, Nathan Trantraal, Jolyn Phillips, Lynthia Julies, Ryan Pedro, Ashwin Arendse, Churchil Naudé en Veronique Jephtas. *Ons het [...] ver versit* is dus 'n belangrike en tydige huldiging van sy werk wat vir studente en ander belangstellendes van groot nut sal wees.

Louise Viljoen
lv@sun.ac.za
Stellenbosch Universiteit
Stellenbosch, Suid-Afrika
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-1748-9098

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i2.14227

Unam Wena.
Mthunzikazi A. Mbungwana.
Durban: uHlanga, 2021. 88 pp.
ISBN 9780620928144.

Unam Wena is a single-author collection of 37 isiXhosa poems, divided into four sections. The themes in this collection are life in general, home, dreams, love and sexuality. This poetry collection is very different from most traditional collections. It requires the reader to allow their mind to think differently, it challenges the reader to change their mind about their knowledge of poetic creativity, difference, language use, spatial organisation and orthographic conventions. These are all packaged and incorporated creatively to provide the reader with a sense of painful celebration of freedom and difference.

The title of the book, *Unam Wena*, is a phrase which invites the reader to become part of the contents, to be with the author. This title can mean 'you are with me', 'you have me', 'you are within', 'you are following what I am saying' or even 'we get along', 'we understand each other'. This array of associated meanings provides the reader with a sense of interpretative freedom. However, when a reader is provided with so many alternatives, they are forced to become uncomfortable and even confused, and perhaps even lost—the opposite of what the title presumably hopes to achieve, to be with the author, to be intimate with the author. This sense of freedom, and perhaps confusion for a rigid mind, is also expressed through various ways of writing the title and the book: 'UNAM WENA' or 'unam w*E*na' (emphasis added). The phrase is written as 'Unam Wena' in the table of contents and as 'UNAM WENA' (26) in the title of the titular poem. "UNAM WENA" is an explicit poem about same-sex lovemaking. This poem is written with no capital letters and no punctuation apart from a full-stop at the end of the poem. As one reads through this poem, you are drawn to the repeated use of possessive pronouns such as 'yours', 'ours', 'mine'. The use of language in this manner is aligned with the intimacy as expressed in other poems such as "Imilebe Yethu" (our lips) and "Bhospeliti wam" (which is the isiXhosa word for the English 'brooch' or Afrikaans 'borsspeld').

Another theme is ikhaya (home). The home is a very special place for many people. When life turns sour many people think about the warmth of the home and family. This theme is expressed in a form of a yearning for a place to belong. Ordinarily, home is the place of comfort and safety. However, in this book, home is expressed in terms of remembering smells, the village, memories of grandmother, grandfather, uncles and aunts, love and pain. The poem, "Ikhaya" (59) reflects the ordinary life associated with home, however, reference to 'ikhaya' is also made in many other poems.

The third theme, pain, is expressed in many ways throughout the book. The first three poems are about the pain associated with being queer, the rejection by society and family and the violence that queer people face. The poem, "Ndicholwe ndifile" (I was found dead) is a painful expression of rape and abuse, and how society views the queer—in terms of obscenity, decay, faeces that needs to be flushed (16). This level of violence is expressed in many other ways including in the titles of some of the poems, "Ihlwili" (blood clot), "Amanxeba" (wounds), "Isilonda" (a sore) and "Ameva" (thorns).

Coupled with the theme of pain is the expression of difference. The poem "Unongayindoda" (one who is like a man), the title of which is a slur used to refer to butch women, is an example of how society views the queer woman:

UNongayindoda akamntu
Yinto! Akayontombi, engengofamzi, engeyondoda
NguNongayindoda.

(*UNongayindoda is not human*
It's a thing! She is not a girl, nor a woman, or a man
She is like a man.)

In this poem, the author painfully expresses how society justifies the abuse of queer people, because "oonongayindoda" are not seen as human, they are seen as things. This level of abuse is also expressed in the poem "UMamise/UToki". The title of the poem suggest uncertainty. Using figurative language by referring to village dogs, the author shows how a male dog (uToki) is held in high esteem, as a provider, a protector and a keeper of the house. The female dog (uMamise) is Toki's puppy. Mamise is ridiculed for having big breasts from feeding Toki's puppies while Toki is praised as a hero. The use of UMamise/uToki in this manner, depicts the vicious cycle of misogyny and abuse of women.

Finally, the spatial organisation as well as the employment and subversion of orthographic conventions in the collection must be noted. The book is divided into four sections. Each of the sections open with a poem that expresses pain and difference. Looking at the table of contents, the first two sections lure the reader into thinking that there is uniformity. The last two sections, however, create an imbalance in many ways. Whereas punctuation is used sparingly throughout the book, the last two

sections are typical of a 'freestyle' approach that is associated with performance poetry. The author uses the alignment of sentences in a way that many would consider unconventional. Some poems have embedded poems and some poems are spread over several pages, with lots of empty spaces—perhaps an expression of silence. These half empty pages force the reader to slow down and wonder why the pages are empty, when the poem is continued on the next page ("Ihambo", which starts on page 72, is spread over 16 pages, for example). This is unconventional and unfamiliar. However, this is exactly the point: to make the unfamiliar familiar and disturb the order of the day, and to painfully celebrate in many ways the freedom to be different.

Mantoa Motinyane
mmotinyane@uwc.ac.za
University of the Western Cape
Cape Town, South Africa
ORCID: https://orcid.org/0000-0003-1724-5795

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i2.14233

Ilifa.
Athambile Masola.
Durban: Uhlanga, 2021. 76 pp.
ISBN 9780620928151.

Athambile Masola's *Ilifa* is a refreshing compilation of poems written in everyday isiXhosa. The choice to use an urban, everyday dialect with the occasional splash of English phrases is typical of the language use of the modern black South African, especially in urban areas. Thus, the choice of language and the particular dialect is inviting and lends a sense of familiarity and earnestness to the the poetry. The compilation is divided into three parts: "Umyalelo Wentombi" (Instructions for a girl), "Uthando" (Love) and "Apha" (Here).

"Umyalelo Wentombi" can be read through the lens of an Afro-feminist critique of the circumstances of black South African women's life worlds; however, the poetry throughout the book also presents us with a postcolonial reflection upon the identity and the circumstances of the lives of ordinary black people who continue to live within the advent of coloniality in South Africa. The poems have a personal tone that reminds one of storytelling. Rather than using abstract or academic language, there is something about the style of writing that is therefore reminiscent of listening to *iintsomi* (folktales). This section is characterised by emotions of pain, loss, grief and disappointment, as well as a sense of raging against the oppressive expectations laid upon this group of women. Throughout the first section, the issue of the silencing of black women's voices, the cost of that silence and the price of speaking up comes through in several poems. In "Igazi" (16) the speaker interrogates the social expectation for a young lady to not speak out of turn. She asks what happens when we continue to bite our tongues and our mouths are then filled with blood. The concept of the mouth filled with blood invokes another idea, that of the culpability of those who fail to speak up in the face of injustice. The speaker points to the fact that ultimately the blood causes a feeling of sickness from within, and what then do we do? How shall we continue in the face of the sickness caused by the sanctioned silence of women?

The section is not just about pain and silencing, however—there is also present in it a celebration of coming of age, coming to know oneself, one's culture and the legacy from which one comes. "Umyalelo Wentombi" is also a celebration of the legacy of black women who were courageous and stood against injustice; women who wrote and spoke truth to power in their day, but now stand almost buried in the margins of our history and our academics—women like Nontsizi Mgqwetho, Noni Jabavu, J. Nozipo Maraire, Sindiwe Magona and others. It is a call to remember them; to keep their names and teachings alive. These poems point to the fact that these women provide an inheritance and legacy upon which today's young black women may come to know themselves and find the courage to stand and make their voices heard.

The second section, "Uthando", explores the theme of love in its different forms. Love expressed in sensuality and longing. Love explored in its ordinariness and everydayness. Love's losses as well as its capacity as healer demonstrated through the bonds of kinship.

In both the first and the second sections there is a recurring reference to Christian spirituality and a use of biblical phrases. In the first section the Christian symbolism such as in the poem "Warkazulwa" (23) often points to the pain of the defilement of that which is sacred. In "Uthando" the biblical phrases continue, but the tone is more hopeful, as in the poem "Izwi elidala" (38). Along with the Christian spirituality there is also a continued reference to one's ancestors and the importance of such connections.

Masola writes odes to the traditions of Xhosa women in poems such as "Iinyawo Zinodaka" (14). The title of this poem is taken from a song sung by women during particular traditional ceremonies; the

phrase "iinyawo zinodaka" speaks of the experiences the women have walked through, particularly as it concerns the roles they play in being wives and mothers. Masola does not attempt to translate for us the wisdom embedded in certain isiXhosa idioms she employs in the poetry, or the meanings of the different textures of Christian religiosity in her poems. However, this form of hybridity echoes and mirrors the identities imbued upon many of us, as black people of this place and this time.

In the last section, "Apha", the poetry speaks to the socio-political circumstances that characterise the life worlds of the black people of South Africa. Some of the poems in this section pay homage to the fact that while people live in a disenfranchised state, they still live—they still dream dreams of a better future. Most of the poems in this last section, however, represent an unflinching indictment of the quality of freedom that contemporary black people in post-1994 South Africa experience. The opening poem, "Ikaka" (64), which translates as "Shit", voices bold commentary on the indignity that black people are subjected to in South Africa. The basic point being made is that the freedom that black people have today is shit! The writer also critiques South African politicians. In the poem "Rayi-Rayi" (66), the writer uses a children's game called "rayi-rayi" to frame her critique. The game is commonly played in townships and villages by old people with the young to teach them idioms. It is a guessing game where one aims to solve riddles by putting together obfuscated clues to uncover the true identity of the thing in question. The use of the structure of this children's game emphasises the games that are played in our society with people's lives. It also points to the obfuscating nature of the of politics and the failure of our political leaders.

Masola's *Ilifa* is a delight to read. In many ways, the way it is written can be judged as unsophisticated, but therein lies its winning card. It is completely unpretentious, simple in its unrefined isiXhosa and yet, at times as the reader, all one can do is exclaim "iyoh!" and then put down the little book and just selah! *Ilifa* showcases the need to write in our languages, not because one is an isiXhosa scholar, but because of the fact that to write in one's own language is to exercise and increase the collective power and voice of one's own people.

Sizwe Mqalo
sizwe.mqalo@gmail.com
Fort Hare University
Alice, South Africa
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-0814-360X

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i2.14249

As die katjiepiering blom.
Audrey Jantjies.
Kaapstad: Kwela, 2022. 240 pp.
ISBN 9780795710285.

Audrey Jantjies se debuut *As die katjiepiering blom* is 'n bildungsroman waarvan reeds die titel gelaai is met spanning. Dit herinner aan die titel van Ronelda S. Kamfer se debuut *Noudat slapende honde* (2008) en skep dieselfde afwagting oor wat gebeur wanneer die aksie van blom of ontwaking plaasvind. Dit trek die leser in en lok onmiddellike nuuskierigheid uit.

Met betrekking tot die titel en omslag van die roman staan die katjiepiering sentraal en dien dit as metafoor vir Lea, die protagonis, se lewensverhaal. Die roman vertel nie net die verhaal van Lea se komvandaan nie, maar ook van haar oorgang van kindwees tot jong volwasse vrou. Hierdie oorgang sluit groei en verandering in, net soos wat die katjiepiering ontwikkel en verander deur die verloop van verskeie seisoene. Die wit van die katjiepiering op die omslag suggereer myns insiens reinheid oftewel onskuld—Lea verlaat Galberg as 'n jong onskuldige adolessent met baie min kennis van die buitewêreld en selfs 'n verwronge kennis van die stad:

> Maar Lea en Niesie is excited, want vanjaar maak hulle klaar met skool en hulle twee gaan fokkof uit Galberg. For good. En hulle twee gaan iets word. En as hulle vakansies kom kuier, gaan hulle Engels praat soos die mense van die Kaap. En hulle gaan vir hulle Kaapse mans met gladde hare kry wat goed na hulle kyk, al is hulle self ook 'n ietsie. (57)

Verder skep die lewendige natuurgroen op die omslag en die rooi in die titel die gevoel van hoop en verkondig dit die oopbloei van 'n nuwe blomseisoen. Reeds deur middel van die omslagontwerp en titel word die konvensies van 'n bildungsroman geaktiveer—'n roman wat 'n jong protagonis se reis van kinderjare tot volwassenheid uitbeeld met 'n fokus op die uitdagings wat die karakter se groei beïnvloed.

Struktureel bestaan die roman uit 32 hoofstukke met 'n epiloog aan die einde. Oor hierdie 32 hoofstukke

word die lewe en opgroei van Lea kronologies uitgebeeld. Hoofstuk 1 open met die geboorte van Lea, daarna maak die leser kennis met Galberg wat as vaste ruimte dien vir die eerste paar jaar van Lea se bestaan tot in adolessensie. Die tweede helfte van die roman speel af in die stad waar Lea haar universiteitsjare begin en waar sy deur die moeilikste toets(e) van haar lewe gaan wat haar groei as karakter en die uiteindelike keerpunt in haar lewe bewerkstellig. Die epiloog aan die einde gee 'n kort opsomming van Lea se lewe ná al die uitdagings. Ten opsigte van die taalgebruik varieer dit van Overbergse uitdrukkings tot Nama met 'n woordelys aan die einde van die roman: dit is die tipe geselstaal wat dit vir die leser maklik maak om te lees en die verhaal te volg.

Voorts sentreer die roman ook grotendeels rondom Lea se soeke na haar persoonlike sowel as kulturele identiteit. Lea ondergaan 'n verplasing van kultuur en identiteit wanneer sy in Hoofstuk 16 Galberg verlaat vir die stad. Sy maak kennis met 'n heel nuwe bestaan en is opgewonde oor die verandering en moontlikheid om haarself te verbeter. Hierdie opgewondenheid is egter van korte duur wanneer sy tot die wrede ontnugtering kom dat dit nie so maklik is om aan te pas nie. Lea ondergaan verskeie uitdagings vanaf Hoofstuk 20 tot Hoofstuk 26 wat'n identiteitskrisis by haar oproep. Jantjies neem die leser saam met Lea op hierdie emosionele en spanningsvolle ontdekkingsreis in haar soeke na 'n nuwe identiteit.

In terme van die tematiese aspekte wat die roman ondersoek, staan geweld teen vroue en kinders op die voorgrond. Lea se verhouding met mans staan veral sentraal. Byna elke man in haar lewe behandel haar sleg en wil haar gebruik vir hul eie voordeel. Haar pa, Jakob, is 'n alkoholis, wie se enigste manier van kommunikeer lelike woorde en vuiste is: "Wanneer Jakob Vrydae sy pay gaan haal by die oubaas, gaan hy eers by ou Fly by die smokkelhuis om. As hy dan by die huis aangeval kom, is dit donnertyd vir mammie Dientjie" (18). Lea word in Hoofstuk 3 seksueel gemolesteer deur haar ouer neef, Tommie.

In Hoofstuk 20 ontmoet Lea vir Sam wat haar ook gebruik vir sy eie voordeel en bykans haar ondergang beteken. Van al die mans in Lea se lewe is Boet Tang en Emmanuel die enigstes wat haar beskerm. Hulle kan myns insiens beskou word as aardse verteenwoordigers van die engele Amakhoeb en Mâbasen (wat ook in die roman uitgebeeld word). Tesame met die tema van geweld teen vroue en kinders speel die onderwerp van godsdiens ook 'n belangrike rol in die verhaal en word Christenskap en Nama-godsdiens dikwels vermeng. Die Nama-godsdiens glo soos Christenskap ook in aartsengele (Amakhoeb en Mâbasen) wat op aarde geplaas is om mense te beskerm en te lei. Al het die mense van Galberg min en al is hulle uitdagings baie, glo hulle steeds dat hulle geloof hulle sal deurdra.

Ander tematiese aspekte soos rassisme, seksuele mishandeling en die kontras tussen die plaaslewe en die stadslewe word ook ondersoek in die roman. Dat die roman sterk feministies is, is reeds vanaf die eerste hoofstuk duidelik. Die vrou se onderdrukte posisie in 'n samelewing wat deur mans gedomineer word, word ondersoek en uitgedaag. Lea se sterk matriargale voorgangers (ant Kôtjie en ma Dientjie) is ten spyte van hul onmagtige posisie op ekonomiese, politieke en kulturele terreine steeds sterk karakters wat die weg baan vir Lea.

In my mening is *As die katjiepiering blom* nie net die verhaal van Lea Floris nie, maar van baie bruin plaasgemeenskappe. Van ant Kôtjie wat permanent by die deur inval met 'n sappige storie tot by Jakob met sy vier gevrete wat sy hele gesin byna elke tweede dag papskop. Lea is elke kleindorpse of plaasmeisie wat stad toe gekom het met die hoop om 'n beter lewe te maak vir haarself, om 'n iets te wees en dan verskeie uitdagings in die gesig moes staar. Dis 'n verhaal wat jou as leser breek tot op die been en jou dan weer bou. Die hoop beskaam as't ware nooit in hierdie roman nie. Audrey Jantjies skryf uit die perspektief van die gewone mens en kry dit reg om met die leser op die eenvoudigste manier te gesels en 'n boodskap van hoop, standvastige geloof en die hoop op 'n nuwe begin oor te dra.

Tenita Kidelo
tenitakidelo@gmail.com
Universiteit van Wes-Kaapland
Kaapstad, Suid-Afrika
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-1818-6830

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i2.14243

bottelnek breek bek.
Dianne Du Toit Albertze.
Kaapstad: Human en Rousseau, 2022. 255 pp.
ISBN 9780798182669.

Snikkend, stukkend en uitgelewer aan die alleenheid van nie-behoort, roep 'n stem: "Ek wil ook net hoort, soosie swart aarde om my" (239). Dit is die noodkreet van Dianne Du Toit Albertze se debuutroman, *bottelnek breek bek*: 'n noodkreet wat sê transgender mense is

hier, in Afrikaans, en dat ons ook 'n plekkie in die son verdien. *bottelnek breek bek* bied vir lesers 'n intieme blik op die lewens van 'n tapisserie van karakters, geweef rondom Dora, 'n transgender vrou van Carolusberg, buite Springbok in die Noord-Kaap.

Vanaf bladsy een word die leser aan die kraag geruk wanneer die verhaal begin met Jamie, Dora se vriendin, wat verkrag en vermoor word op die Belville-treinstasie terwyl Dora en haar ander vriendin, Whashiela, toekyk. Op soek na iets om die verlies mee te verdoof, word Dora vasgevang in 'n warrelwind van nagklubligte, dwelms en seks. Woonagtig in Woodstock in Ma Helen se huis, sukkel Whashiela en Dora om woorde te vind vir die smart wat hulle opvreet. Wanneer Ma Helen uitvind dat Dora dwelms gebruik, skop sy haar uit en Dora moet terugkeer na die plek van haar Grootma se bene, Carolusberg. Hier word sy nie as Dora aanvaar nie en moet sy baklei teen die stemme van haar familie wat haar nog as Daantjie sien. Myle weg van Kaapstad en die eens veilige hawe van queer sisterhood, moet Dora alleen met die spoke van haar verlede worstel.

Die leser word saamgeneem op 'n waaghalsige reis deur die donker onderbuik van die Bellville-treinstasie, holderstebolder deur die strate van Woodstock en Kayamandi, tussen die vier mure van die Mystic Boer op Stellenbosch en oor die rooi sand van Namakwaland. Op 'n soortgelyke wyse as in K. Sello Duiker se *The Quiet Violence of Dreams* (2001), Chase Rhys se *Kinnes* (2018) en Olivia M. Coetzee se *Innie Shadows* (2019) word die verhaal in *bottelnek breek bek* vanuit die perspektief van agt karakters, asook die hoofkarakter se kleintydpersona, Daantjie, vertel. Elke karakter se narratief strek oor slegs agt of minder bladsye op 'n slag. Dit speel af in vyf milieus, naamlik "kleintyd", "nou", "varsity", "teenage nightmares" en "daai tyd", en flits achronologies tussen die onderskeie tydperke. As sulks, lees *bottelnek breek bek* meer soos 'n samestelling van blitsfiksies in plaas van 'n lineêre verhaal en tóg is dit glad nie onsamehangend nie. Die fragmentering van die verhaal is veral effektief omdat dit daarin slaag om 'n realistiese en eerlike beeld van die mens se oneindige soeke na identiteit weer te gee. Op dié manier kry Albertze dit ook reg om die leser ten alle tye geboei te hou terwyl sy ons uitdaag om onsself ook af te vra: Wie is ek? Waar behoort ek?

bottelnek breek bek is ook nie op die bek geval nie. Die leser word ingelaat in die gewelddadige realiteite en vervreemding wat transgender persone elke dag in die gesig staar en word nie toegelaat om weg te skram daarvan nie. Tog is geweld en vervreemding nie al aspek van transpersone se lewens wat in die roman uitgebeeld word nie. Daarmee tesame verhaal *bottelnek breek bek* ook die sagte oomblikke wat in die gekose familie van die queergemeenskap bestaan, soos Whashiela wat vir Dora onder haar vlerk neem op varsity en Dora wat vir Whashiela bad en haar seer probeer weg was nadat hulle saam aangeval is (23–7, 34–40, 75–7). Die leser sien so die kwesbaarheid van elke karakter.

As 'n transleser was dit by tye vir my moeilik om aan te hou lees juis as gevolg van hoe hartverskeurend, intiem en sag die verhaal is. In woorde wat so sag soos systof saamgeweef is, leer Daantjie oor sy vroulikheid wanneer hy en Grootma saam dress up speel.[1] Lesers kry hierdeur insig in transpersone se genderontdekkingsreis (13–7). Alhoewel die sigbaarheid van transpersone in die media toeneem, is voorbeelde van trans en gender-nonconforming karakters in die Afrikaanse literatuur skaars. Daarom is *bottelnek breek bek* 'n uiters belangrike roman wat Afrikaanse lesers op 'n genuanseerde wyse aan die bestaanstryd van transpersone blootstel.

Terselfdertyd worstel ek met Albertze—'n wit skrywer—se besluit om die verhaal in 'n mengsel van standaardafrikaans, Namakwalandse Afrikaans, Gayle, Kaaps en Sabela te skryf. Die laaste drie taalvorme en/of -kodes word hoofsaaklik in bruin gemeenskappe gebesig en dus is dit sinvol vir die bruin karakters in die roman om een of meer van die vermelde taalvorme en/of -kodes te gebruik. Na my mening oorskry die roman egter die grens tussen waardering en kulturele toe-eiening omdat ook die wit karakters, wat in werklikheid eerder standaardafrikaans of ander variëteite van Afrikaans sou praat, ook dieselfde mengsel van Gayle, Kaaps en Sabela praat.

In 'n onderhoud met Johan van Zyl in *Rapport Weekliks* sê Albertze: "Soos my hoofkarakter, Dora, glo ek as dit by taal kom, is optelgoed hougoed" (12). Na my mening kan dié benadering tot taal kolonialisties voorkom in ag genome hoedat die historiese taalpolitiek van Afrikaans, volgens Frank Hendricks (97), vandag steeds bruin Afrikaanssprekendes benadeel en hul gebruik van variëteite benewens standaardafrikaans stigmatiseer. Is dit nie juis kolonialiste se "optelgoed is hougoed"-houding wat bruin en swart mense se land en lewens gekaap het nie? Dit is teenstrydig dat die roman die kwessies van gekaapte land aanspreek, maar dat wit karakters in die roman taalvorms ook kaap.

Alhoewel dit duidelik is dat Dora bewus is van haar witheid en skuldgevoelens daaroor het, is daar slegs enkele oomblikke wanneer sy dit aanspreek. Verder spreek sy slegs een keer haar gebruik van taal aan wanneer sy bieg: "Dalk is ek maar net jessica, oor hy wil wit praat en ekke my tong wil afsny" (161). Myns

insiens moes Albertze meer krities omgegaan het met haar gebruik van Afrikaanse variëteite.

Nietemin is *bottelnek breek bek* 'n broodnodige bydrae tot die Afrikaanse letterkunde oor transgendermense. Dit maak Afrikaanse lesers bewus daarvan dat Afrikaanse mense ook trans kan wees en dat transmense ook behoort. As 'n jong transpersoon, gee dit my hoop dat ek en ander soos ek ons stories in Afrikaans kan vertel. Ek sien uit na nog sulke vars nuwe transgenderstemme.

Aantekening

1. Albertze gebruik 'hy'/'hom'-voornaamwoorde vir Daantjie.

Geraadpleegde bronne

Hendricks, Frank. "Om die miskende te laat ken: 'n blik op Adam Small se literêre verrekening van Kaaps." *Tydskrif vir Letterkunde* vol. 49, no. 1, 2012, pp. 95–114. DOI: https://doi.org/10.4314/tvl.v49i1.8.

Van Zyl, Johan: "Die tannie praat: En ek is nog sy." *Rapport weekliks*. 10 Jul. 2022, pp. 12–3.

Chantelle Claire Croeser
chantelle.croeser@gmail.com
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch, Suid-Afrika
ORCID: https://orcid.org/0000-0001-9751-8364

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v59i2.14556